

Rokende Houtstomp

Volume 7

Uit die ewige vuur geruk

(Is dit dalk jy?)



Joas Natan

Kopiereg: Joas Natan

Gedruk en gepubliseer: Suid-Afrika 2022

Teksredigeerder: A. Oosthuizen

**Skribaanhaling: Afrikaanse Bybelvertaling 1983 indien nie anders vermeld
nie.**

Formaat: E-Boek

Alle regte word voorbehou.

**Hierdie publikasie mag nie gereproduseer word in enige vorm en op enige
manier, elektronies of meganies, ingesluit fotokopiëring, opnames, of in
enige informasiebewaringseenheid en herwinningsstelsel sonder die
uitdruklike toestemming van die skrywer nie.**

Kontakbesonderhede: admin@joasnatan.co.za

Vir hierdie en ander boeke, besoek <https://joasnatan.co.za>

Oorsig

Jaar Een

Volume 1: 1 Januarie tot 26 Februarie.

Volume 2: 27 Februarie tot 18 April.

Volume 3: 19 April tot 9 Junie

Volume 4: 10 Junie tot 31 Julie

Volume 5: 1 Augustus tot 21 September

Volume 6: 22 September tot 12 November

Volume 7: 13 November tot 31 Desember (Huidige boek)

Jaar Twee

Volume 8: 1 Januarie tot 21 Februarie

Volume 9: 22 Februarie tot 10 April

Volume 10: 11 April tot 31 Mei

Inhoudsopgawe (Volume 7)

Inleiding	Bladsy 7
13 November. Misterie van 2 Kronieke	11
14 November. Misterie van Hom	14
15 November. Misverstaan. 1	16
16 November. Misverstaan. 2	19
17 November. Mnr. A en Mnr. G	21
18 November. Moeg en moedeloos	23
19 November. Moenie worry nie	25
20 November. Motorwrak. 1	29
21 November. Motorwrak. 2	31
22 November. My naaste. 1	34
23 November. My naaste. 2	37
24 November. My naaste. 3	40

25 November. My vriend	43
26 November. My wens vir jou	46
27 November. ‘n Arm dier	49
28 November. ‘n Goeie mens	51
29 November. Lydingspersepsie. 1	53
30 November. Lydingspersepsie. 2	55
1 Desember. ‘n Skaap	57
2 Desember. ‘n Ware selfbeeld. 1	60
3 Desember. ‘n Ware selfbeeld. 2	62
4 Desember. ‘n Suksesvolle lewe. 1	65
5 Desember. ‘n Suksesvolle lewe. 2	67
6 Desember. ‘n Verhouding	70
7 Desember. Naak	72
8 Desember. Nagmaal	75
9 Desember. Nie liefde nie	78

10 Desember. Nog liefde	80
11 Desember. Waarom	82
12 Desember. Nuwe dimensie. 1	85
13 Desember. Nuwe dimensie. 2	87
14 Desember. Nuwe dimensie. 3	90
15 Desember. Nuwe dimensie. 4	92
16 Desember. Nuwe Testaments. 1	95
17 Desember. Nuwe Testaments. 2	97
18 Desember. Nuwe Testaments. 3	99
19 Desember. Nuwe werklikheid	103
20 Desember. Oersonde	106
21 Desember. Om geloof te behou	109
22 Desember. Om geloof te ontvang	112
23 Desember. Hoe om God se wil te ken. 1	115
24 Desember. Hoe om God se wil te ken. 2	118

25 Desember. Hoe om God se wil te ken. 3	121
26 Desember. Onbenullig	125
27 Desember. One defining moment	127
28 Desember. Onheilige vier. 1	130
29 Desember. Onheilige vier. 2	133
30 Desember. Onheilige vier. 3	136
31 Desember. Nuwejaar	139

Inleiding

Waarom?

Mense wonder gewoonlik waarom 'n persoon 'n boek skryf. Hierdie boek met 52 dagstukkies is saamgestel uit idees wat die Heilige Gees gedurende die jare 2005 tot 2022 by die skrywer, in sy stiltetyd laat opkom het. Hy is gedring deur 'n dringende behoefte om die gedagtes met ander te deel, ander wat dalk nog nie op die bepaalde wyse oor dinge in die Bybel gedink het nie. Daarom mag van die idees vreemd en nuut vir die leser wees. Daar mag ook 'n herkenning wees van idees soos dit vroeër aan die leser bekend gemaak is. Dit is immers dieselfde Heilige Gees wat ons leer. Die naam van die oorspronklike boek: *Rokende Houtstomp uit die vuur geruk*, kom uit Sagaria 3:2. Dit is die skrywer se bede dat hierdie boodskappe sal bydra om siele, soos rokende houtstompe, uit die ewige vuur van God se oordeel te ruk.

Waaroor?

'n Mens wonder ook waarom die boek gaan wanneer jy dit die eerste keer in jou hande neem. Wat maak hierdie preke anders as ander boeke met boodskappe vir die jaar?

Dalk is dit die nuwe, unieke, vars siening van ou waarhede wat hierdie boekie sal onderskei van ander. Telkens is die skrywer verras deur die varsheid van die idee, soos aan hom geopenbaar, in tye van diepe kommunikasie met die Here.

Indien die boekie oorsigtelik deurgeblaai word, sal die volgende temas uitstaan:

1. Eer, lof, dank en aanbidding aan God die Vader, Sy Seun ons Here Jesus en die Heilige Gees van Vader en Seun.
2. Die uitbreiding en koms van God se Koninkryk
3. Om God se wil te onderskei en dit te doen.
4. Om aandag te gee aan menslike nood en behoeftes en hoe dit bevredig kan word.
5. Oor die vergifnis van 'n sondaar en die sondaar se vergifnis van ander.
6. Die gevaar van die verleiding van satan en satan se ondersteuners.

In kort gaan dit oor die essensies van die lewe soos Jesus dit vir ons aangedui het in die gebed van alle gebede naamlik die *Onse Vader* in Mat.6: 9 tot 13.

Vir wie is hierdie dagstukkies bedoel?

Die volgende groepe persone behoort baat te vind by die lees van hierdie dagstukkies:

1. **Ongelowige mense** wat die eerste keer die Evangelie van verlossing sal hoor.
2. **Valse gelowige**, dit wil sê mense wat dink dat hulle gered is maar wie in 'n gekkeparadys leef en eers by hulle dood sal uitvind dat hulle saak met die Here nooit reg was nie. Dikwels sal van die leuens wat hierdie mense mislei, uitgewys word.

3. **Gelowiges wat teruggeval het.** Dit wil sê mense wat hulle vroeëre passie en liefde vir die Here verloor het.
4. **Onverskillige mense** wat dink dat alles net oor hierdie stukkie lewe gaan en vir wie daar nie eintlik ‘n ewigheidsperspektief bestaan nie.
5. **Pastore, Predikante en Geestelike leiers;** elkeen wat geroep is om ander te leer en moontlik ‘n vars siening van ou waarhede soek.
6. Ten slotte behoort **gelowige kinders van God** ook te baat by die lees van hierdie dagstukkies aangesien dit geskryf word om te bemoedig, hoop te gee, te leer, te versterk en leuens te ontbloot. Dit sal ‘n seën vir gelowiges wees aangesien dit gaan oor die liefde van God, die genade van Sy Seun en die wonderlike teenwoordigheid van die Heilige Gees.

Oor die outeur en finansies.

Die boek word anoniem geskryf. Die doel daarmee is dat alle eer God, vir die skryf van hierdie boek, toekom. Die skrywer was maar net die instrument waardeur God gewerk het. Vandaar dat die skuilnaam *Joas Natan* gebruik word. Joas beteken: *Die Here het gegee*. Natan beteken: *Hy het gegee*.

Die outeur kan gevolglik ook nie aanspraak maak op enige finansiële voordeel uit die druk en verspreiding van die boek nie. Aangesien die boek as ‘n gratis E-boek, vir almal wat belangstel, beskikbaar gestel word, word daar ook geen inkomste uit die boek verdien nie.

5 September 2015 tot November 2023 (Finale samestelling van boek)

Mag God deur die werking van Sy Heilige Gees alle gedagtes wat in hierdie boek opgeteken is, ontsluit soos Hy wil, vir wie Hy wil, wanneer Hy wil.

Joas Natan

Alfeus: Leier deur God gegee.

2 Kronieke is om verskeie redes 'n merkwaardige boek. Hierin sien ons onder andere hoe God, volkere se lotgevalle bepaal. Van die merkwaardigste in die boek is hoe konings wat aangestel is oor Israel in die Noorde en Juda in die Suide, in hulle verhouding met God reageer. Sommige is van die begin af afgodsdienaars, ander begin deur God te dien, en word later afvallig. Sommige begin goed, maak foute en kry later berou. Enkeles begin goed en bly goed. Die groot misterie is telkens die feit dat wanneer 'n koning die Here voluit dien, hy baie geseënd is, die een oorlog na die ander wen. Dan skielik begin van hulle om afgode te versamel en om hulle te dien. Kom ons kyk na enkeles wat in die laaste kategorie val en kyk of ons uit hulle foute iets kan leer.

1. Die bekendste is seker die wyse **koning Salomo**.

Wanneer 'n mens Salomo se geskiedenis lees val dit op dat hy besonderlik deur God uitgesonder is vir seën. Hy was baie wys, baie ryk, baie magtig, het eer en aansien ontvang, en God het vir hom vrede gegee. Hoe is dit moontlik dat hierdie geseënde van God kon gekies het om afgode te begin aanbid? Dit wil voorkom of sy liefde vir vrouens sy ondergang was. Om bykans 'n duisend vroue gelukkig te hou was seker nie maklik nie. Baie van hierdie vrouens, vir wie Koning Salomo so lief was, was heidene en het die afgode in sy huishouding ingebring. Salomo was ongehoorsaam aan

God wat die heidense vroue aanbetref. Dit wil ook voorkom of al sy wysheid, kennis, mag en rykdom na sy kop toe begin gaan het, en hy nie afhanklik en nederig voor God gebly het, soos aan die begin van sy heerskappy nie. Indien die wyse Salomo sulke geweldige oordeelsfoute kon begaan het, moet ons baie versigtig wees vir 'n verbintenis met mense wat nie ons God ken nie. Enigiets wat belangriker as God is word 'n afgod, soos in die geval van Salomo toe vrouens sy afgode geword het en hulle wense belangriker as God se opdragte geword het. Salomo het seker rede gehad om baie van homself te dink maar dit het daartoe gelei dat hy sy aanvanklike afhanklikheid van God, wat tot groot seën gelei het, verloor het.

2. **Hiskia** is nog 'n voorbeeld.

Hierdie koning het 'n bykans perfekte rekord gehad. Toe sy groot toets gekom het om God te vertrou, om Sy wil te doen, het hy egter misluk. Weliswaar was dit 'n geweldige toets toe God aangekondig het dat Hiskia nou lank genoeg gelewe het en dat dit tyd vir hom was om te sterf. Hiskia het gedink hy weet beter as God en vra dat God hom langer moet laat lewe. God genees Hiskia en voeg 15 lewensjare vir hom by. Hierna stort Hiskia se perfekte rekord as koning inmekaar. Hy word die vader van Manasse, die slegste, goddeloosste koning wat Juda seker gehad het. Hierdie man het God se Naam, Sy Eer en Heerlikheid baie skade aangedoen. Indien Hiskia gesterf het, toe God hom wou laat sterf het, sou Manasse nooit gebore

gewees het nie. Hiskia het ook in die 15 toegevoegde jare arrogant geword en baie van homself begin dink. Hy het dan ook graag met sy rykdom gespog. 'n Perfekte rekord is verwoes deur 'n mens se eiewillige gebed.

3. Die laaste voorbeeld is die van **Ussia**.

In 2 Kronieke 26: 4 staan die volgende van hom opgeteken:

Hy het gedoen wat reg is in die oë van die Here en in alles die voorbeeld van sy pa gevolg.

Ongelukkig het sy lewe ook 'n slegte wending geneem. In 2 Kronieke 26:16 staan die volgende van hom opgeteken:

Maar toe hy eenmaal die mag het, het Ussia ingenome geword met homself, en dit was die begin van sy einde. Hy het aanmatigend teenoor die Here sy God opgetree

14 November

Misterie van in Hom

(Johannes 15: 1 tot 8)

Amitai: Waarheidsgetrou.

Die gedagte dat ons in Hom kan en moet wees gaan 'n mens se verstand te bowe.

Hoe is dit enigsins moontlik?

Sy Gees kom in ons in. So ontvang ons Hom in ons. Die eerste ding wat gebeur wanneer ons Sy Heilige Gees in ons toelaat, om ons te lei, te beheer en te bestuur (Gal.5), is dat ons die vrug van die Heilige Gees se inwoning begin dra. Die eerste heerlike geur van hierdie vrug in ons is liefde. Liefde stel God en die ander se belang bo ons eie belang. Dit word so 'n krag in ons dat ons later al minder aan onself dink. Ons kom tot genadige selfverloëning. So word ons in onself baie klein. Wanneer ons klein genoeg is, so groot soos 'n selletjie kan ons in Jesus inpas saam met miljoene ander kinders van Hom, ons broers en susters.

Daar is net nie plek vir groothede in en om myself in Jesus nie. Eers word ons van alle sondes gestroop, Sy bloed was dit binne en buite ons af. So is daar nie plek vir eiebelang in Jesus nie, daar is ook nie plek vir my duur motor, my huis, my grade, my status, my beroep en selfs my familie nie. Wanneer ek in Jesus in gebore word, word ek kaalgestroop van myself.

Wanneer ek in Jesus is, kan ek met Sy gedagtes begin dink. Eintlik kan ek Sy gedagtes lees en verstaan. Daarvoor het Hy onder andere vir ons Sy Woord gegee.

Ek kan ook van binne Hom uit, gedagtes wat Hy aan my wil openbaar, soos Hy begin dink. Wanneer ek in Hom is, sal ek met Sy oë kyk, met Sy hande doen en met Sy voete loop. Daar sal nie meer ruimte vir my eie wil wees, my eie belange of my eie begeertes nie.

In Jesus kan ek deur die voorhangsel, God se Heilige Teenwoordigheid betree. Alleen in Jesus is dit moontlik. Alleen Sy dood kon die voorhangsel na God se Heilige Teenwoordigheid van bo na onder laat skeur (Mat. 27: 51). So kan Ons, in Ons Vader se Heilige Teenwoordigheid in beweeg, om te wees wat God ons oorspronklik beplan het om te wees, om Hom te eer, Sy koninkryk bo alles te stel, en Sy wil te doen.

Die rykdom van die misterie van om in God te wees, kan alleen op 'n daaglikse basis ontdek word. So sal ons volmaak, na hierdie lewe, die volheid van Goddelike eenwording, met Jesus en ervaar.

15 November

Misverstaan

Amon: Arbeider.

Lees Lukas 18: 18 tot 30 om **Misverstaan** te verstaan.

In hierdie gedeelte word die geskiedenis vertel van die ryk jong man, wat by Jesus wou gewees het wat hy moet doen om die Ewige Lewe te besit. Jesus sê dat hy die wet moet onderhou en die jongman sê dat hy dit van sy jeug af gedoen het. Dan sê Jesus vir hom dat hy alles wat hy besit moet verkoop en Hom moet kom volg. Die jongman gaan dan diep bedroef weg omdat hy baie ryk was.

Kom ons kyk 'n bietjie dieper na hierdie verhaal.

Die jongman vra die verkeerde vraag.

Die jongman vra: *Goeie Leermeester, wat moet ek doen om die ewige lewe te beërwe.* Hy het nog nie besef dat al sy selfpogings futiel en nutteloos is om die ewige lewe te verwerf nie. Hy het nog nie besef dat dit slegs die Man voor hom is, Wie se Bloed hom sal kan reinig, en toegang tot die ewige lewe sal gee nie.

Sy vraag is verder verkeerd vanweë die ek **doen**. Jesus is die Een wat doen, alles **doen vir ons redding. Ons moet dit net aanvaar.**

Die diepte van God se wysheid kan misverstaan word.

Jesus vra die jongman: *Waarom noem jy My goed. Niemand is goed nie behalwe Een, dit is God.* Reeds hier begin Jesus die jongman oriënteer om gered te word.

Die jongman het Jesus reeds erken as die Een wat goed is. Iets van God het reeds vir hom begin deurskemer in die Man voor hom, maar hy het nog nie mooi geweet wat nie. Nou help Jesus hom deur te sê dat net Een goed is naamlik God. Eintlik sê Jesus indirek vir hom dat as hy Jesus goed noem, hy reeds begin besef dat dit God is wat voor hom staan. So wil Jesus hom help om tot erkenning van die Messias te kom.

Jesus ontbloot die Ou Testamentiese wettiese verdienste godsdiens .

Jesus sê dan vir die jongman: *Jy ken mos die gebooië*. Dadelik het die jongman gereed gestaan om homself te regverdig en verklaar hy: *Al hierdie dinge het ek nagekom van kleins af*. Nou begin Jesus regtig ernstig met die jongman werk want die jongman moet besef dat hy nog baie sondig is al lyk dit vir hom of hy homself kan regverdig.

Jesus openbaar die sondaar se gevalle toestand aan hom.

Jesus sê vir die jongman: *Tog is daar een ding wat by jou kortkom: Verkoop alles wat jy besit en gaan deel die opbrengs aan die armes uit, en jy sal 'n skat in die hemel hê. Kom dan hierheen en word my dissipel*. Iets van sy gevalle sondige eiegeregtige selfsugtige bestaan moes nou by die jongman begin deurdring het. Skielik was hy nie meer so vol selfvertroue oor sy eie pogings nie. Skielik besef hy dat hy tekortskiet. Die eerste saadjie van redding begin in hom groei. Nou is hy nie meer selfgenoegsaam in sy eie reddingspoging deur die wet te onderhou nie. Nou begin hy besef wat lyding beteken, nou lag hy nie meer onbesorgd nie.

Nou is hy deur sy liefde vir geld en materiële besittings aangespreek. Nou is hy nie meer voortvarend besig om die Meester in 'n hoek te probeer dryf nie. Nou begin sy redding.

Amsi: My sterkte.

Die les vir die omstanders waaronder ook ons:

Nou pas Jesus die les wat Hy die jongman geleer het op die omstanders toe. Hy sê toe vir die omstanders: *Hoe moeilik is dit tog nie vir die mense wat ryk is aan aardse besittings om aan die Koninkryk van God deel te kry nie.* Hierin is daar 'n direkte waarskuwing vir die mense van toe en nou. Jesus verdiep die boodskap wat Hy aan die omstanders wil oordra deur dan die volgende te sê: *Want dit is makliker vir 'n kameel om deur die oog van 'n naald te gaan as vir 'n ryke om aan die koninkryk van God deel te kry.* Jesus gebruik die voorbeeld van die grootste bekende lewende wese van Sy tyd, die kameel. Dan gebruik Hy ook die kleinste ruimte, bekend aan die mens, die oog van 'n naald. Hierdie uiterstes word gebruik om die onmoontlikheid, van 'n ryk mens om in die hemel in te gaan, te verduidelik. Eintlik wil Hy vir die mense sê dat eie pogings tot redding net nooit goed genoeg sal wees nie. Alleen die mens wat in afhanklikheid voor God Sy sondes bely, kan op redding begin hoop.

Weer 'n verkeerde vraag.

Die mense om Jesus reageer dan soos die jongman wat die verkeerde vraag gestel het, asof hulle niks sover van Jesus se gesprek verstaan het nie: *Wie is dan instaat om gered te word?* Nog besef hulle nie dat 'n mens nie instaat is om gered te

word nie. Hulle beseft nie dat dit nie iets is wat 'n mens doen nie, maar dat dit iets is wat die Mens voor hulle doen, wat hulle gaan red.

Die sleutel tot redding.

Nou is alles gereed om die Evangelie aan die mense te bring want Jesus sê:

Die dinge wat by mense onmoontlik is, is juis by God moontlik. Iets van redding deur genade alleen sonder menslike pogings om genade te verdien moet nou by Sy omstanders begin deurdring.

Redding sonder misverstand is nou saamgevat vir Sy hoorders

Jesus sê dat iemand wat in hierdie lewe bereid is om dit, wat vir hom in hierdie lewe kosbaar is, neer te lê terwille van die redding van sy siel, besig is om homself te verloën. Alleen die mens wat so leeg aan homself geword het, is gereed om Hom te ontvang. So kan die onmoontlike plaasvind. So kan God die menslike onmoontlike, moontlik maak. Dit is moontlik vir die kameel om deur die Oog van die Naald te gaan. So klein moet die mens word, so gestroop van alles wat hy is en het, dat hy in sy absolute niksheid voor God, klein genoeg sal wees, om deur die Oog van die Naald gebore te word.

In die oog van 'n naald is daar geen ruimte vir misverstande nie.

17 November

Mnr. A en Mnr. G

Ananai: My wolk, beskerm.

Vir die doel van hierdie verhaal sal ons die twee persone maar net mnr. A en Mnr. G noem en so hulle identiteite beskerm.

Mnr. A is 'n baie suksesvolle besigheidsman. Hy is geweldig besig om al sy belange te behartig. Hy boer, hy het 'n fabriek, hy is in konstruksie betrokke en dan koop en verkoop hy ook. In die proses het hy baie ryk geword. Hy is, volgens almal wat hom ken, 'n goeie man. Toe, gedurende 2010, tref 'n ramp hierdie man. Hy ontwikkel kanker in sy onderkaak. Aanvanklik het hy in ontkenning ten opsigte van hierdie probleem geleef en aangesien hy so besig was kon hy vir 'n rukkie so in ontkenning voortleef. Toe het die probleem so akkuut geword dat die kanker versprei het en dat sy hele onderkaak verwyder moes word in die hoop dat die verspreiding van die kanker so gekeer sal kan word. Mnr A is nog steeds 'n goeie man en hy is nog steeds besig om sy besittings te vermeerder.

Mnr. G is 'n afgetrede 70 jarige. Hy het maar 'n nederige werkie deur sy lewe verrig en het gevolglik nie veel bymekaar gemaak nie. Hy kon nie 'n motor bekostig nie en het op die ou einde net 'n *No Name Scootertjie* besit. Toe hy aftree kon hy die passie van sy lewe voluit begin uitleef. Hy is baie lief vir die Here en het die Here gedien deur die plaaslike gevangenis op 'n gereelde basis te besoek en so siele vir sy Koning ingebring. Ongelukkig is hy in die uitleef van hierdie passie gestuit toe hy 2 jaar gelede 'n ernstige beroerte aanval gekry het.

Sedertdien is hy bedlêend en kan hy nie meer die vreugde van sy lewe, in sy bediening van gevangenes, uitleef nie. Hy het nog steeds nie veel bymekaar gemaak nie en sy ou *No Name Scootertjie* staan in die garage en stof vergader.

Watter een van hierdie twee sou jy wou wees?

Nee, watter een van die twee is jy?

Waar lê jou passie? Hoe leef jy jou lewe hier op die aarde uit?

18 November

Moeg en Moedeloos?

Antotia: Antwoord van God.

Is jy ook hier teen Desember moeg en moedeloos? Voel dit vir jou of alles nou net te veel word, of jou kragte wil ingee en of jy net nie meer kan aangaan nie? Wel indien dit die geval is, is jy nie die uitsondering nie. Die meeste mense voel hierdie tyd van die jaar so. Dit beteken egter nie dat daar nie 'n oplossing vir hierdie probleem bestaan nie. Jy kan uit hierdie gat uit kom. Indien jy belangstel om te weet hoe, moet jy net fyn luister en doen wat gesê word.

Jesus sê vir al die moeë en moedelse mense die volgende in Mat.11:28:

Kom na My toe almal wat vermoeid en belas is en Ek sal vir julle rus gee.

Moenie net aanhou lees nie. Stop vir 'n oomblik, en dink weer oor wat jou Skepper vir jou sê. Indien jy een van die is wat vermoeid en belas is, gee Jesus vir jou 'n oplossing. Dit is eenvoudig en maklik. Dit gaan jou niks kos nie. Jy moet net Sy uitnodiging aanvaar. Hy sê ***kom na My toe***. Dit beteken jy moet nie na iets of iemand anders toe gaan om rus en vrede te probeer kry nie. Jy moet nie jou hoop op 'n vakansie plaas nie. Jy moet nie wag vir die vakansiebonus nie. Jy moet nie wag vir die dag wat jy op pensioen kan gaan of wanneer jou kinders klaar gestudeer het nie. Jy hoef nie te wag dat die krisis waarin jy nou verkeer, verby moet gaan nie. Nee, jy kan nou na Jesus toe kom en Hy waarborg jou, jy sal rus en vrede by Hom kan vind. Die groot vraag is **nou hoe kan ek na Jesus**

toe kom? Eers is daar 'n manier waarop jy nie na Hom toe kan kom nie. Dit word vir ons opgeteken in Mat. 13:7. Hier staan dat die saad van die Woord, soos jy dit nou ontvang, nie na wasdom toe kan groei en vrug van rus en vrede kan dra, indien daar onkruid saam met die saad groei nie. Die onkruid sal die saad verstrik en doodgroeï. Die onkruid waarvan die Bybel praat is **bekommernis** en die **sug na rykdom (Lukas 8:4)**. Hierdie twee onkruide verhinder dat die saad van vertroue in Jesus sy volle potensiaal bereik.

Dikwels werk God op 'n besondere wyse in Sy kinders se lewens deur toe te laat dat sy kinders op allerlei wyses beproef word. Hierdie beproewings is juis daarop ingestel om, onder andere, **Sy kinders te leer om hulle oë op Hom te hou**, op Hom te vertrou, op Hom te wag, weg te draai van hulle eie pogings en oplossings vir probleme, en om Hom te ken in alles wat hulle doen. Met ander woorde om **na Hom toe te kom, net na Hom toe**. Wanneer God se kind stadig en moeilik leer, is dit nodig dat God aanhou om Sy kind te leer om afhanklik van Hom te leef en op Hom **te bly vertrou**. Daarom sal die probleme en beproewings dikwels aanhou totdat die kind van God begin leer wat God hom wil leer, **om net na Hom toe te kom**.

Ara: Sterk.

Voor die sondeval was daar twee mense in die paradys wat sonder bekommernisse geleef het. Adam en Eva beleef totale sekuriteit. Hulle is oor niks bekommerd nie en hulle het vrede, Goddelike vrede.

Hierdie vredevolle lewe, sonder bekommernis, word egter spoedig verwoes. Die mens word skielik bang en is vol bekommernis. Hy kruip weg vanweë sy skuldgevoelens. Na die sondeval blameer Adam, Eva en Eva blameer satan. Skielik word dit 'n probleem vir die mens om te oorleef.

Wat het tussen 'n lewe van vrede en 'n lewe vol bekommernis gebeur?

Gen. 3:6:

Toe besef die vrou dat die boom se vrugte goed is om te eet en mooi is om na te kyk en begeerlik omdat dit kennis kan gee. En sy het van die vrugte gepluk en geëet.

Sy het tot 'n intellektuele bevinding gekom (besef), sy het 'n visuele persepsie gevorm (gekyk) en sy het emosioneel betrokke geraak (begeer). So is sy opgestel om te reageer (eet). Die hele proses het op ongehoorsaamheid aan God neergekom, en die gevolge daarvan is te aaklig om te beskryf. Een van die gevolge was *bekommernis*.

Wat kan ons uit hierdie gedeelte ten opsigte van bekommernis leer?

1. **Ongehoorsaamheid** het bekommernis tot gevolg. Die Bybel is vol uitsprake ten opsigte van bekommernis. Hoeveel keer word ons bekommernis nie deur Jesus aangespreek, as Hy ons beveel om nie bang te wees nie? Ons ongehoorsaamheid is daarin geleë dat ons Hom nie vertrou nie. Hy beloof om in alle omstandighede by ons te wees. Wanneer ons Hom nie glo nie en gevolglik Hom nie vertrou nie verval ons in bekommernis en angstigheid. Toe Adam aan God ongehoorsaam geword het, het hy vol bekommernis, angstig vir God gaan wegkruip.
2. Eva is deur satan verlei om ongehoorsaam te word deur die belofte dat sy **alles sal kan ken** indien sy van die verbode vrug eet. Sy het haar gedagtes deur satan laat lei, sy is geprikkel deur haar **intellektuele nuuskierigheid**. Haar drang na kennis, om te weet, het groter geword as haar behoefte aan God. Weliswaar het haar kennis na die sondeval toegeneem. Dit was egter verkeerde kennis, want nou het sy kwaad leer ken. God se volk gaan nog steeds te gronde weens 'n gebrek aan kennis (Hosea 4:6), maar eintlik is dit soos in Eva se geval verkeerde kennis; te min kennis van die goeie en te veel kennis van die slegte. Vandag is die mens nog steeds in dieselfde dilemma vasgevang. Ongehoorsaam verkies hy om Fil. 4: 6 te ignoreer: *Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en danksegging aan God bekend. En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.* Die mens kies nog steeds ongehoorsaamheid, hy kies nog

steeds om hom te bekommer omdat hyself in beheer wil wees, hy kies nog steeds om eiewillig te begeer.

Die laaste woord oor bekommernis is egter nog nie gespreek nie, en Paulus gaan in vers 8 aan oor hierdie onderwerp, wanneer hy sê: *Verder, broers, alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is- watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees- daarop moet julle julle gedagtes rig.*

Indien die mens in ongehoorsaamheid sy gedagtes rig op die leuens, dit wat lelik en sleg is, die ondeugde, dit wat veragtelik is, kan hy verwag dat hy besorg sal wees. Daarom is dit nie snaaks dat die mensdom toenemend bedruk raak, depressief raak, vol bekommernis is, hooploos word en in chemiese middels probeer ontvlug nie. So probeer die mens die ellende van die lewe ontsnap. Kennis, veral kennis van die slegte, soos by Eva, is die grondoorsaak van die mens se onvermoë om God te vertrou en op Hom te steun. Die mens het net nie genoeg geloof om die aanslag van negatiewe kennis te verwerk nie.

Samevattend:

Wanneer jy worry, kyk waarna jy kyk, waarmee jy jou gedagtes besig hou, wat jy lees, wat jy bedink.

Die kriteria waarvolgens jy jou moet blootstel aan kennis, is duidelik vir ons uitgespel in Fil 4:8:

1. Is jy seker wat jy lees en kyk is **waar** of is dit die skrywer se interpretasie.
2. Is dit wat jy kyk en lees *worthy of reverence*, Kan jy **respek** daarvoor hê?
3. Kan dit wat jy lees en kyk die toets van **geregtigheid** deurstaan of hou jy jou hoofsaaklik besig met onreg.
4. Kan dit waarmee jy jou gedagtes besig hou die toets van **reinheid** slaag?
Is dit wat jy lees en kyk rein?
5. Is dit wat jy lees en kyk **mooi**?
6. Besing dit wat jy lees en kyk **deugde** of swakhede en gebreke van mense?
7. Is dit waarmee jy jou besig hou **lofwaardig**? Sal jy dit loof en aanbeveel?

Moenie worry nie, wees net gehoorsaam

20 November

Motorwrak

Aram: Hoog verhewe.

Ek het hard gewerk vir my motor. Daar is lank gespaar en ek het hom met die opbrengs van my arbeid gekoop. So het ek hom dan ook vir baie jare gebruik. Namate die voertuig ouer geword het, moes ek meer aan sy onderhoud begin spandeer. Ek moes hom 'n paar keer herstel, herbou, opbou en ek moes hom gereeld versien. So het ek hom deur baie jare op die pad gehou. Daar het egter 'n tyd gekom dat die motor bykans onherstelbaar geword het. Ek het selfs van ander kenners gebruik gemaak om die motor op die pad te hou. Onafwendbaar het die dag egter aangebreek dat ek beseft het die motor is 'n wrak, onherstelbaar. Ek moes daaraan dink om hom af te skryf. Daar was egter 'n beter alternatief vir my oop. Ek kon hom inruil op 'n nuwe voertuig. Dit bring my by dit wat ek eintlik vir jou wil vertel; van my nuwe voertuig. Anders as in die verlede toe ek moes uithaal en wys vir die voertuig het die handelaar 'n nuwe tipe van eienaarskap aan my verduidelik. Dit is amper iets soos huur maar ook nie heeltemal nie. Jy kry die nuwe voertuig sonder om iets daarvoor te betaal. Dan is daar ook heelwat dinge wat anders werk as in die ou voertuig se geval. Die nuwe voertuig is ten volle outomaties. Jy kan dit byna nie glo nie maar hy skakel nie net outomaties die ratte oor wanneer die voertuig swaar trek nie, maar daar is iets soos 'n *autopilot*, soos 'n mens dit in vliegtuie kry. Die voertuig het 'n kragstuur om dit maklik op die pad te hou. Daar is geweldige goeie remme, met allerhande dinge,

wat die remaksie veilig en effektief maak. Die voertuig het sensors wat jou waarsku wanneer jy in gevaarlike situasies te naby aan ander voertuie kom. Hierdie voertuig het 'n padbystandsdiens indien jy probleme langs die pad opdoen. Die voertuig is gewaarborg. Dit is van sulke hoë gehalte materiaal gemaak dat die vervaardiger beweert dat jy nooit weer 'n ander voertuig sal hoef aan te skaf nie. En dan ongelooflik, maar dit is waar: Die voertuig word gratis, sonder enige bybetalings, verskaf. (Sien nou Motorwraak 2)

Arauna: God is standvastig.

My lewe was soos die verhaal van die voertuig. Telkens kon ek maar net my eie lewe in die plek van *voertuig* ingeskryf het. Kom ons kyk na enkele van hierdie parallele:

As kind en jongmens is ek geleer dat ek beheer oor my lewe moet neem. Ek moes hard werk om 'n sukses van my lewe te maak. So is ek geleer dat ek self vir my lewe verantwoordelik is. Hoe harder ek werk, hoe beter lewe (Motor) sou ek besit. So het dit vir baie jare aangegaan. Ek moes, soos aan die motor, baie werk en herstel. Baie handleidings ten opsigte van selfhelpaksies is deurgewerk. Baie dik Sielkunde boeke is deurgelees. Self moes kromstaan om die lewensmotor op die pad te hou. Die lewensmotor moes soms ingaan vir ernstige herstelwerk, soos 'n paar operasies en ernstige lewenskrisisse, waartydens nuwe lewe vir die motor geskep is. Ek moes sweet en swoeg om die lewensmotor op die pad te hou. Soms het dit vir my moeilik geword en moes ek Hulp van Bo inroep. Tog was dit maar hoofsaaklik ek met hulp van Bo, wat die lewensvoertuig in stand en op die lewenspad gehou het. So het dit in elk geval vir my gevoel. Soos met die voertuig het dit egter toenemend moeilik geword soos ek ouer geword het. Die lewensvoertuig het al meer insette begin vra om hom op die pad te hou. Toe op 'n dag het ek besef dat ek nie meer kan aangaan met spoeg en plak aan hierdie lewe nie. Ek het gekom op 'n punt waar ek moes opgee, opgee op die lewe van

selfprobeer. Ek kon op daardie punt 'n einde maak aan alles, of ek kon die opsie van 'n nuwe lewe, soos 'n nuwe motor, oorweeg. Ek dank die Handelaar wat hierdie opsie aan my uitgewys het. So het ek dan op 'n dag my ou voertuig, my ou lewe, afgegee. Ek het my lewe ingeruil. Ek het alle regte daarop afgeteken. Ek dink die ou wrak is iewers in die vergetelheid weggegooi. Ek dink nie meer oor hom nie. Kom ek vertel jou nou van die nuwe lewensvoertuig wat die Groot Handelaar vir my gegee het.

Hierdie nuwe lewe is soos die nuwe voertuig. Ek het dit ook verniet van Jesus ontvang toe ek aanvaar het dat Hy vir al my sondes, volledig en volkome, geboet het, sonder dat ek vir enigiets wat ek verkeerd doen, gestraf hoef te word. Baie dinge werk ook anders in hierdie nuwe lewe, net soos in die nuwe motor. My nuwe lewe word ook nie meer deur myself bestuur nie. Dit is soos 'n outomatiese motor. Wanneer ek by die lewensopdraendes kom skakel hy self oor na 'n rat wat die bult beter kan hanteer. Jesus is altyd daar om te help wanneer die lewenspad te steil word. Daar is 'n nuwe Bestuurder binne die voertuig. Ons noem Hom die Heilige Gees. Dikwels voel dit vir my of ek op *autopilot* is wanneer Hy my om die moeilike hoeke van die lewe stuur. Ek het ook 'n kragstuur in die nuwe voertuig. Sy Heilige Geeskrag bestuur my. Daar is ook baie goeie remme in die nuwe lewensvoertuig. Hierdie remme is veral effektief wanneer ek by die gevaarlike draaie en kranse van versoeking kom. Die gevaarsensors is veral handig wanneer dit by subtiele verleidings kom en wanneer die satan sekulêre

denkpatrone as aantreklik vir my voorhou. Daar is 'n baie effektiewe padbystandsdiens vir die nuwe lewensvoertuig. Die voertuighandleiding, die Bybel, help om die padbystandsdiens effektief te maak. Telkens wanneer dit nodig word dat iemand my moet kom help langs die lewenspad, is Hy daar. Soos dit met 'n goeie voertuig gaan, het hierdie een 'n lewenslange waarborg. Jesus waarborg sy genade vir die nuwe lewe. Soos met die goeie voertuig sal dit ook nie nodig wees om weer 'n ander lewe as die ewige lewe in besit te neem nie. Om te dink dat ek die nuwe lewe soos die nuwe motor sonder enige verdienste van my kant af gratis, totaal *mahala*, ontvang het.

Wil jy nie ook van jou ou lewensvoertuig ontslae raak en hom inruil vir hierdie nuwe lewensvoertuig van God nie?

22 November

My Naaste (1)

Areli: Dapper.

In Lukas 10 kry ons die interessante besonderhede van 'n gebeurtenis toe Jesus deur 'n skrifgeleerde oor die onderwerp *My Naaste* gekonfronteer is.

Om hierdie deel goed te kan verstaan is dit nodig om enkele dinge omtrent die skrifgeleerdes, van Jesus se tyd, te onderstreep. Skrifgeleerdes en Wetsgeleerdes is gewoonlik as sinonieme gebruik. Die Engelse Bybels praat dikwels in hierdie verband van *Lawyers*. Hierdie persone het 'n intensiewe studie van die eerste vyf boeke van die Bybel gemaak. Hulle was kenners van die Wet en uitbreidings van die wet. Dikwels het hulle hulleself die reg toegeëien om op die wet, met hulle eie interpretasies, uit te brei. Omdat hulle nie van Jesus se fundamentalistiese benadering van die wet, naamlik Liefde vir God en vir jou medemens, gehou het nie, het baie van die skrifgeleerdes Jesus dan ook nie as Messias aanvaar nie. Hierdie mense was baie belangrik in hulle eie oë. Hulle het dan ook van betittelings gehou. Hulle het daarop aangedring dat hulle as Rabbi, Vader of Leraar aangespreek word (Bybelse Ensiklopedie p.603)

Teen hierdie agtergrond is dit dan ook nie snaaks dat in Lukas 10: 29 die volgende staan nie: Maar die wetgeleerde wou homself handhaaf (Justify) en vra vir Jesus: " *En wie is my naaste?* "

Dan volg die aangrypende en diep verhaal wat Jesus vertel van die man wat deur rowers aangerand is terwyl hy van Jerusalem af op pad na Jericho toe was. In sy haglike, halfdooie toestand het hy in sy eie bloed gelê, toe die priester en Leviet verkies het om by hom verby te stap, sonder om hom te help. Dan kom die gehate Samaritaan, die baster wat deur die Jode verag is, en hy ontferm hom oor die halfdooie. Hy behandel hom goed, gee van sy tyd, gerief en geld om die man te versorg.

Nou kom die belangrike vraag van Jesus in vers Lukas 10: 36:

Wie van hierdie drie is volgens jou, die naaste van hom wat onder die rowers verval het?

In al die vertalings wat geraadpleeg is, staan hierdie vraag so opgeteken. **Jesus wil weet wie die naaste is van die man wat onder die rowers verval het.** Hy wil nie weet wie die naaste van die Priester, Leviet of die Samaritaan is nie. Nee, **wie is die naaste van die man wat onder die rowers verval het?**

Die skrifgeleerde vra nie hierdie vraag nie. *Hy vra wie is sy naaste.* Vir die **Skrifgeleerde is hy vir homself die belangrikste.** Alles draai om hom. Hy wil homself regverdig. Hy vat Jesus aan. In sy eie arrogansie wil hy probeer om Jesus te manipuleer om sy eie standpunte te regverdig. Hy aanvaar nie vir Jesus as die Messias nie. Hy wil die ou Predikertjie gou op sy plek sit. In sy arrogansie en eiewaan mis hy heeltemal wat Jesus besig is om vir hom te sê. *Hy kom nie eers agter dat hy nie meer die belangrikste is nie en dat dit nie meer oor hom gaan*

nie. Hy kom nie agter dat Jesus in die storie wat Hy vertel die arm man, wat onder die rowers verval het, die middelpunt van die verhaal gemaak het nie.

Hy kom nie agter dat ampte nie so belangrik vir Jesus is nie. Nie een van die belangrike ampte van Skrifgeleerde en Leviet speel 'n rol in hierdie storie nie. Naas die aangerande is die enigste ander een met prominensie in die verhaal die veragtelike Samaritaan.

Om hierdie verhaal reg te verstaan is dit nodig dat daar fyn gekyk moet word na wat Jesus besig is om te doen. Jesus vertel eintlik op 'n indirekte wyse vir die Skrifgeleerde dat hy van sy perdjie moet afklim, dat hy homself moet verneder en moet verloën. Hy sê eintlik vir hom dat hy in sy eie arrogante hoë dunk van homself, die hele punt van naastewees miskyk. Vir Jesus kom dit daarop neer dat jy slegs jou naaste sal kan herken wanneer jy afsien van jouself, jouself verloën, nederig word en bo alles afhanklik sal word.

Aretas: Aangenaam.

Dink vir 'n oomblik aan die eerste saligspreking in Matteus 5 waar Jesus sê: *Welgeluksalig is die wat weet hoe afhanklik hulle van God is. Alleen in jou afhanklikheid, jou loskom van jouself, jou oorgawe aan God, sal dit moontlik wees om jou naaste te herken. Alleen wanneer jy van jou selfgenoegsame, arrogante, onafhanklikheid, kan ontslae raak, sal jy jou naaste kan herken, soos die man wat onder die rowers verval het, die Samaritaan as sy naaste kon herken het (Lukas 10:33).*

Die mens probeer so hard om sy hele lewe lank onafhanklik te word. Die strewe na onafhanklikheid is vir die meeste mense die grootste dryfveer, om 'n hele lewe lank te spaar vir sy aftrede. Daarom aanvaar die mens so moeilik iets van iemand anders. In hierdie onwilligheid om sy afhanklikheid te erken deur iets van iemand anders te aanvaar, lê ook die grootste probleem vir die ongelowige opgesluit. Sy strewe na onafhanklikheid maak dit vir hom bykans onmoontlik om sy afhanklikheid van Jesus vir die vergifnis van sy sonde te aanvaar. Die basis van die mens se onafhanklikheidstrewe is 'n sieklike behepthed met homself, sy eie belangrikheid en trots. Hoe sal die mens in sy onafhanklikheid ooit die helpende hand van 'n medemens kan raaksien, wat sê nog aanvaar? Eers wanneer die mens in afhanklike gebrokenheid, die medemens se helpende hand kan aanvaar, word hy geoefen om self 'n behoefte te kan herken, en dan self 'n helpende hand uit

te steek. Alleen in die voortdurende erken van jou eie afhanklikheid word jy gereed gehou *om die terrein van naaste* te betree. Dit lyk so edel om altyd net te wil gee. Die gewer moet homself altyd ondersoek om te bepaal wat sy werklike motief met sy gee is. Dit mag maklik gebeur dat gegee word om jou eie onafhanklikheid te bevestig, sonder dat die nood en behoefte van jou naaste jou dryfveer is. Eintlik moet die gewer ook versigtig wees om net deur die behoefte van die naaste gedryf te word. Daar is baie ongelowiges wat dieselfde doen. Wanneer jou behoefte om te gee gebore word uit jou verhouding met Jesus, die Gewer van alle goeie dinge, en jy eers geoefen was aan die ontvangkant, kan jy, uit dit wat Jesus vir jou gee, begin weggee vir die naastes aan jou.

Wie jy jou naaste wil maak, kan ook iets van jouself sê. Wanneer mens die verhaal die eerste maal hoor is jy teleurgesteld in die Skrifgeleerde en die Leviet wat niks doen om die man te help nie. Indien egter mooi oor die verhaal gedink word, is dit nie so snaaks dat hierdie twee persone nie sou gehelp het nie. Sekere hedendaagse skrifgeleerdes verklaar die situasie maklik asof die twee Jode oppad was na die tempel toe om sekere rituele te gaan uitvoer en dat die hantering van bloed hulle onrein sou gemaak het. Ook hierdie skrifgeleerdes mis die punt wat Jesus gemaak het. Die natuurlike mens wil graag iets en iemand wees. Hy assosieer graag met die belangrike mens, die onafhanklike mens, die mens met titels, met mag, met geld en aansien. Vir so iemand sal die natuurlike mens graag 'n gunsie wil doen, want dit laat hom goed voel oor homself. Wie sal die

veragtelike, die vuile, die naakte, die bebloede, die arme, wil help? Is die meeste mense nie maar bereid om die bedelaar by die robot te verneder en dikwels ongeskik te behandel nie? Dalk sal jy anders oor die bedelaaar voel as jyself in jou eie afhanklikheid, al 'n bedelende hand moes uitgesteek het.

Die menslike vergoddeliking van homself in titels, geld, mag, status, statussimbole, belangrikheid, trots en onafhanklikheid, stel hom in 'n baie moeilike posisie om by die herkenning van sy naaste uit te kom. Watter kans het die mens wat homself verskans en vergoddelik, in sy onafhanklikheid, om 'n naaste te herken?

Indien die Skrifgeleerde nie soos hierdie man, wat onder die rowers verval het, kon word nie, sou hy nooit sy naaste kon herken nie.

Argob: Sterk.

Indien die Skrifgeleerde nie van sy titels, status en selfgewaande belangrikheid, kon afsien nie, sou hy nooit die posisie van volle afhanklikheid kon bereik nie. Indien hy nie afhanklik, swak, stukkend en gebroke voor God kon word nie, sou hy nie homself in die posisie van die persoon wat onder die rowers verval het, kon indink nie. So sou hy ook nie instaat wees om sy medemens raak te sien nie. Alleen in volle afhanklikheid, soos die man wat onder die rowers verval het, kon hy wegkom van selfgenoegsaamheid en selfregverdiging, en kon hy so voorberei word om sy medemens raak te sien. Wanneer jy word soos die slagoffer van die rowers, kan jy begin om jou met Jesus te vereenselwig. Want Jesus was totaal afhanklik van Sy Vader toe Hy aan die kruis gehang het. Hier was Hy nie net totaal afhanklik nie, hy was soos die man in Jesus se storie, bebloed, kaalgestroop, verneder en in pyn. In hierdie totale gestrooptheid van alles wat Hyself kon bied, het Hy die perfekte voorbeeld gestel, om die naaste te herken, toe Hy uitgeroep het: ***Vader vergeef hulle want hulle weet nie wat hulle doen nie*** (Lukas 23:34). Alleen in jou lyding, in totale selfverloëning en totale afhanklikheid word die eerste saadjie van liefde vir die medemens geplant. Dan begin liefde jou oë oopmaak om weg van jouself te fokus en jou medemens te begin raaksien. Dan kan jy die basiese les van aanvaarding van genade, begin leef. Eers as jy God se genade in jou afhanklike gevallenheid aanvaar, sal jy gereed word om in

afhanklikheid jou medemens se liefde te aanvaar. Dan sal jy jou weldoener kan begin herken. **Wanneer jy jou weldoener kan herken sal jy ook jou medemens begin herken.** Die oomblik wanneer jy in nederige afhanklikheid jou medemens begin herken, sal jy gereed word om Jesus se opdrag te begin uitvoer, naamlik om jou medemens so lief soos jouself te hê. So lank jy blind bly vir jou eie afhanklikheid van Genade, solank sal dit vir jou onmoontlik wees om jou naaste te herken. Die herkenning van jou naaste is genade, wat gebêre word vir die wat tot selfverloëning gekom het. Alleen hy teenoor wie jy in nederigheid jou afhanklikheid kan erken, kan jou medemens word. **Jy kry eers ‘n naaste wanneer jy bereid is om in afhanklikheid iets van iemand anders te aanvaar.** Soms word die mens besonderlik begenadig om met dwang te kom tot op die punt waar hy sy afhanklikheid en swakheid teenoor homself kan erken. Vir die doel mag die mens dalk die pad moet loop waar hy geslaan, verneder, beseer en gestroop gaan word. Dalk sal hy ook halfdood langs die lewenspad moet lê, voordat hy sy hand sal uitsteek om die helpende hand van sy naaste te aanvaar. Indien die mens nie tot hierdie insig kan kom nie, sal hy heel moontlik net vassteek by die beantwoording van die vraag van die Skrifgeleerde: *Wie is my naaste?* (Lukas 10:29). Daar sal dan nooit enige geestelike verdieping in die mens se lewe kom nie. **Hy sal aanhou soek na iets wat nie is nie.** Dit is slegs die mens wat nog nie tot totale selfverloëning en totale afhanklikheid gekom het nie, wat by hierdie vraag sal vassteek. Hy sal sy eie arrogante selfgod bly.

Was die Samaritaan, deur vernedering en minagting, dalk geestelik ver voor die Priester en Leviet. Was dit omdat hy reeds die pad van selfverloëning geloop het, dat hy al geleer het om sy afhanklikheid voor God te erken. Het die Samaritaan se lae status, sy gebrek aan titels, sy besef van eie nietigheid, sy afhanklikheid van God, hom instaat gestel om 'n naaste te wees van die man wat onder die rowers verval het?

Waar staan ek en jy in hierdie saak? Met wie kan ons in hierdie verhaal identifiseer?

25 November

My Vriend

Arje: Leeu van God.

Dit gaan alles oor 'n verhouding. Dit wil sê 'n Verhouding wat ek met my Vriend het en 'n verhouding wat Hy met my het.

Die oomblik wanneer ek selfsugtig vanuit my eie behoeftes reageer, verloor ek hierdie verhouding met Hom. Solank Hy alles is, alles bly en die middelpunt van ons verhouding is, bly die verhouding voortbestaan. Sodra dit oor myself gaan, verdwyn Hy uit die verhouding uit.

Wanneer ek hierdie verhouding probeer instandhou en laat groei, val die verhouding uitmekaar, want dan gaan die verhouding oor my agenda en in wese oor my behoeftes. Die eie ek kom dan weer in beheer, dit gaan oor wat ek wil, ek word die middelpunt en dit gaan alles dan oor die self.

Jesus is die Persoon met wie ek in 'n verhouding staan. Hy het is die inisieerder van hierdie verhouding. Hy het alles vir my redding gedoen. Hy het my lief. Ek kan hoogstens Hom net vertrou met hierdie verhouding en Hom toelaat om die verhouding te rig. Ek vertrou Hom en laat Hom toe om te sê watter lewensspel ons gaan speel, hoe ons gaan speel en waar ons die lewensspel vandag gaan speel. Ek is daar vir Hom. Hy is nie vir my gemaak nie.

Dit gaan oor 'n vriendskapsverhouding met Hom. Hy is my Vriend. Hy is baie lief vir my. Hy offer alles op vir my. Hy is vriendelik met my. Hy gee baie mooi

en goeie dinge vir my. Eintlik het ek niks, wat nie van Hom afkomstig is nie. Hy is by my die hele dag. Hy beskerm my. Hy maak my voorspoedig. Hy laat my deel in wat vir Hom belangrik is. Hy wil graag hê dat ek Hom moet eer en respekteer, en wat vir Hom belangrik is, ook my prioriteit moet maak. Hy sal daarvan hou as ek met die liefde wat Hy teenoor my openbaar, ek ook ander en vir Hom sal liefhê. Met Sy liefde kan ek Hom ook liefhê.

In Jesus is ek ook in 'n verhouding met Jesus se Vader, wat ook my Vader geword het. Jesus se Gees ontsluit in my *liefde, vrede, vreugde, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, vertrouwe, nederigheid en selfbeheersing* (Gal. 5:22). Dit is hoe my Vriend is. Toe Jesus nie net my Vriend nie, maar ook my Broer geword het, het my lewe vol geword. Salomo sê *'n vriend wat naby is, is beter as 'n broer wat vêr is* (Spreuke 18:24). Jesus is my broer en my vriend.

Ek wil elke dag net saam met my Vriend lewe. Elke oomblik wil ek in Sy wonderlike teenwoordigheid wees. Ek wil net doen wat vir Hom goed is en wat Hom bly maak. Elke oomblik van die dag wil ek van Hom bewus wees, met Hom praat, vir Hom lief wees en Hom ook aan ander mense voorstel.

In Esegïel 28 word van satan gepraat. Daar word die redes genoem waarom hy uit die hemel gegooi is. Hy het begin dink dat hy net so belangrik soos God is. Sy hoogmoed, wat blyk uit die mag en gesag wat hy van God ontvang het, kon hy net nie meer nederig hanteer nie. Sy wysheid en insig het heeltemal na sy kop toe

gegaan. Sy seëninge het hom laat dink dat hy God nie meer nodig het nie. Dan was sy skoonheid die laaste ding wat tot sy selfverheffing en hoogmoed gelei het.

O Jesus, my vriend, sal U my help dat die gesag en mag wat U my gee, die wysheid en kennis, die rykdom, die skoonheid en versiering nooit by my tot hoogmoed sal lei en so ons mooi verhouding sal knou nie.

Asasja: Jahwe is sterk.

Voordat ek by my wens vir jou uitkom, wil ek jou graag herinner aan twee insidente:

Die **eerste insident** is die van Daniël en sy vriende wat voor koning Nebukadneser moes verskyn het. Soos die ander godeseuns, soos hulle genoem is, moes hulle op hulle beste vir die koning vertoon het. Op die Israëliete se versoek, dat hulle toegelaat moet word om natuurlike kos soos groente en water te eet, het daar 'n wonderlike resultaat gevolg (Dan.1:12). Hierdie jong manne het kop en skouers bo die ander uitgeblink vanweë die feit dat hulle die natuurlike eenvoudige dieet van groente en water gevolg het. (en natuurlik wonderlik deur God geseën is).

Die **tweede insident** is die van die beroepswedder wie die twee honde gehad het, die swarte en die witte. Hierdie honde het weekliks teen mekaar baklei en die mense kon wed op watter hond hulle wou. Slegs die eenaar van die honde was telkens reg ten opsigte van watter hond gewen het. So het hy baie geld uit die wedders gemaak. Later kon hy op die vraag, waarom hy telkens reg kon voorspel watter hond sou wen, die volgende eenvoudige antwoord gee: *Die een wat ek die vorige week kos gegee het.*

Albei hierdie insidente het te make met dit wat ek vir jou begeer.

Ek wens dat jy vir 'n tydperk, al is dit so kort, soos net 'n enkele week, 'n natuurlike eenvoudige kennisdieet sou volg, soos Daniël en sy vriende met eenvoudige voedsel. Daarmee bedoel ek dat jy geen koerant sal lees nie, geen televisieprogram sal kyk nie, nie een van jou moeilike boeke sal lees nie, maar byvoorbeeld, net op die Bybel, en dan ook 'n maklike vertaling soos *Die Boodskap* of *die Bybel vir Almal*, sal konsentreer. Jy moet nie baie dink, redeneer en probeer verstaan nie, maar jy moet net stil by die Meester se voete sit, soos Maria, en van die Meester, en dit wat Hy vir jou wil sê, geniet (Lukas 10:42).

My wens is dat jy net vir een week die wit hond alleen sal kos gee. Laat die ou swart hond 'n bietjie slaap en honger hom maar uit dat hy kan swak word. Ek is seker hy sal dan veel minder gevegte kan wen. Hiermee bedoel ek dat jy op die volgende manier die wit hond moet kos gee: *alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is-watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees –daarop moet julle julle gedagtes rig* (Fil. 4:8).

Kan 'n mens sekere denkstyle, wat baie jare lank deel van jouself geword het, afleer? Kan jy die denksstyl met iets anders vervang? Kan jy regtig nog *learn, unlearn* en *relearn*? Wel my wens vir jou is dat dit sal gebeur. Ek wens dat jou kritiese denkstyle vervang sal word met geloofsaanvaarding, al is dit net vir een week lank. Ek wens dat jy die eenvoud van iets soos die volgende, uit Jesus se gebed, vir jouself sal kan neem:

Lukas 10:21(Boodskap)

My Vader, alles in die hemel en op die aarde behoort aan U. Ek wil vir U dankie sê dat U boodskap so duidelik en eenvoudig is. U het al U groot geheime verberg vir die groot en slim mense en dit aan die kleinste ou kindertjies kom bekendmaak. Dit was deel van U plan dat hulle in U moet glo. Ja Vader, en nou gebeur dit ook.

Asurjahu: God is 'n behouer.

Bestaan daar iets soos 'n arm dier? Ons weet dat Jesus baie lief is vir arm mense en dat Hy self as arm mens op hierdie aarde gelewe het. Ons weet ook dat Jesus baie lief is vir diere. Hy het immers die diere net voor die mens geskep. Hy het ook vir Adam die geleentheid gebied om vir hom 'n maat te soek uit die baie diere wat God gemaak het (Gen. 2:20). Ons weet dat daar geen dier geskik bevind is nie en dat God toe vir Eva gemaak het. Maar 'n dier; kan 'n dier arm wees? Ons weet dat die afhanklikheid van arm mense hulle in God se arms in dryf. Dalk daarom dat arm en arms so nou verwant is en amper dieselfde klink. Ons weet dat God die hoogmoed van die rykes, hulle onafhanklikheid en hulle meerderwaardigheid, verag. Ons weet ook dat die armoede van die arm mens, sy afhanklikheid van God en kragte en magte van God se wonderlike voorsiening ontsluit. So is die arm mens dikwels die eintlike ryke, omdat hy soveel genade, ondersteuning, sorg en liefde van God ontvang. Het God ook 'n besondere liefde vir 'n arm dier? Wat is 'n arm dier? Is dit 'n swak, afhanklike, onooglike dier? Een wat maar net geduldig sy werk doen, sonder veel aansien, loon of vermelding? *Is 'n donkie dalk 'n arm dier?*

Nee donkie, jy wat deur die mens verag word, jy is ryk aan genade. God het jou uitgekies om honderde kere in die Bybel vermeld te word. Hy het jou gekies om soos 'n mens te kon praat (Num. 22:23). Hy het jou gekies om Sy Seun in

Jerusalem in te dra (Joh. 12:15). Hy het jou geseën met die perfekte kruis wat op jou rug geteken is. Net een dier moes met die instelling van die Paasfees losgekoop word, soos die manlike eersgebore seun van 'n Israeliet, en dit was 'n donkie hingsvul (Eksodus 34:20). Ek weet nie of daar arm diere is nie maar ek weet wel dat daar ryk donkies is.

Asasja: Jahwe is sterk.

Is jy 'n goeie mens? Doen jy God se wil?

Kom ons kyk weer 'n bietjie na God se wil vir die mens. Met ander woorde, kom ons kyk hoe die mens veronderstel is om te leef.

Ons kry die riglyne vir 'n goeie mens in Lukas 6: 27 tot 38. (Die Amplified Bible, weergawe gaan vry vertaal word). Jesus is aan die woord in die bekende bergpredikasie. Jesus se opmerkings oor hoe die mens behoort op te tree, gaan in die vorm van vrae gestel word. Die doel daarvan is om ons te help om onself te toets:

Probeer na elke toets **Selah** toe te pas, dit wil sê: **Stop en luister** wat die Heilige Gees vir jou wil sê.

1. *Maak jy 'n gewoonte daarvan om jou vyande lief te hê? **Selah**.*
2. *Maak jy 'n gewoonte daarvan om goed te doen aan jou vyande? **Selah***
3. *Tree jy grootmoedig (nobly) op teenoor mense wat jou verag en jou met haat hanteer? **Selah***
4. *Seën jy mense en bid jy dat hulle gelukkig sal wees, wanneer hulle jou vervloek en jou mishandel? **Selah***
5. *Wanneer iemand jou op die een wang slaan, draai jy ook jou ander wang na hom toe? **Selah***

6. Gee jy altyd vir die wat iets van jou vra? **Selah**
7. Indien iemand iets by jou gevat of as jy dit vir die persoon geleen het, vra jy dit terug? **Selah**
8. Doen jy aan ander soos jy graag wil hê dat hulle aan jou moet doen? **Selah**
9. Het jy mense lief wat niks vir jou omgee nie? **Selah**
10. Doen jy goed aan mense wie jy weet nie aan jou terug goed kan doen nie?
Selah
11. Leen jy geld aan mense, wie jy weet dit nie gaan terug betaal nie, sonder om rente te vra. Beskou jy so 'n lening as 'n skenking? **Selah**
12. Probeer jy in liefde teenoor ander optree omdat God vir jou met al jou gebreke lief bly? **Selah**
13. Is jy genadig teenoor mense wat teen jou oortree; is jy simpatiek, sag en hartlik teenoor hierdie mense? **Selah**
14. Oordeel en veroordeel jy ander met die wete dat jy met dieselfde maatstaf waarmee jy meet, gemeet gaan word? **Selah**
15. Gee jy maklik weg of is jou hand toe vir jou medemens? **Selah**

Dalk is dit nodig dat ons onself aan Jesus se standarde meet. Min van ons sal dan nie op ons knieë voor Jesus staan nie.

Aser: Gelukkig.

Die mens se eerste instink is om te doen. So skreeu hy, as eerste aksie na sy geboorte, en neem so die eerste inisiatief op hierdie pad van selfdoen. Van hier af begin die mens se stryd om nie beheer af te gee nie. ‘n Groot deel wat hom as sondige mens definieer, is sy onafhanklikheidstrewes. Die natuurlike mens wil beheer en bestuur, hy wil onafhanklik wees, sy eie sekuriteite skep, ryk wees sodat hy ander nie nodig sal hê nie, hy wil sy eie ding doen en self sy heil en redding verdien. Die laaste ding wat die natuurlike mens wil hê, is om in ‘n posisie van afhanklikheid te wees, daar waar hy moet ontvang en nie selfgenoegsaam kan gee nie. Die meeste mense brand hulleself uit in die strewes om hulle saligheid te verdien, deur iets vir God te probeer doen, om so hulle saligheid te probeer verdien. Hulle word moeg in hulle strewes om goeie en voorbeeldige lewens te leef, om God te probeer beïndruk. Die meeste mense het bekering nodig, ten opsigte van pogings om hulleself te red. Dit is om voor God te erken dat hulle, hulle eie god is, en self hulle redding probeer verdien. Hulle moet tot die besef kom dat hulle nie bereid is om dit wat Jesus vir hulle redding gedoen het, as volkome en genoegsame doen, vir ewige saligheid en vergifnis van sonde, te aanvaar nie.

Hoe kom ‘n mens tot daardie salige plek van genade waar jy kan sê: *Waarlik God, daar is geen verdienste van my kant af nie. U het alles vir my redding gedoen. Ek*

vat dit. Ek neem dit aan as my eiendom, U vergifnis en genade. Ek maak my hand en hart oop en aanvaar dit vir myself. Ek weet Here dat ek dit alleen kan doen as ek soos 'n kind word; afhanklik, vertrouend en kinderlik verwagting aan U hand vashou, in U liefdevolle oë opkyk en vat wat U in U groot liefde vir my gee. Ek weet dat U nooit vir my 'n klip sal gee as ek vir U 'n vis vra nie? (Mat.7:9).

30 November

Lydingspersepsie (2)

Asima: Hemel.

Hoe kom 'n mens tot hierdie geseënde posisie van totale afhanklikheid van God?

Bring rykdom, roem, geld, gesondheid, voorspoed, eie bekwaamheid, prestasies, grade, status, genot, sekuriteite, jou in die geseënde posisie van kinderlike afhanklikheid van God? **Beswaarlik.**

In Eksodus 34: 6 staan:

Ek is 'n God wat goed is vir mense wat swaarkry.

In Prediker 7:3 staan die volgende woorde vir ons opgeteken:

Om verdrietig te wees is beter as om te lag.

In Jakobus 1: 2 staan: *Ag dit louter vreugde my broeders wanneer julle in allerhande beproewings beland.*

Jesus sê:

In hierdie lewe sal julle dit moeilik hê (Joh. 16:33).

Lyding word teen hierdie agtergrond so sinvol. Daarom kan ons God dank vir siekte, pyn, swaarkry, armoede, min status, min geld, min aardse genot en ontspanning, uitputting, onsekerheid, probleme, min krag, min sekuriteite en min hoop vir hierdie lewe. Ons weet immers dat hierdie dinge ons leer, en help, om

diep afhanklik van God te lewe, en kinderlik vertrouend na Hom op te sien vir alles, ook ons redding.

Oppas hoe jy vir ander, en veral vir jou familie bid. Moenie hulle uit die hemel uit bid nie. Die seën van 'n ernstige siekbed, het menige onbekeerde tot God bekeer. Armoede en probleme het meer mense in God se koninkryk ingebring as wat rykdom en voorspoed ooit kon doen. Eers in verdrukking en ellende het menige siel geleer hoe om vir uitkoms op God te vertrou. Wat is die sin van uitkoms as daar nie verdrukking en ellende bestaan het nie? Wat is die sin van sondevergifnis indien die mens voel dat hy Jesus se soenoffer nie nodig het nie en sommer self kan regkom?

Goddank vir ellende, probleme, siekte, benoudhede, beproewings en uiteindelik die dood wat maar net 'n oorstap is na dit waarvoor die mens regtig gemaak is.

Asmawet: Sterk tot die dood.

Is jy 'n skaap? Hoe soet klink die woorde van Psalm 23:

Die Here is my Herder, niks sal my ontbreek nie.

Sien in die geestesoog hoe Jesus, ons Herder, voor ons uit beweeg, hoe ons Hom volg. Kom ons kyk 'n bietjie na die skaap en die skaapherder uit Jesus se tyd.

Die skape het die herder se stem geken. Hulle is nie, soos in ons tyd, aangedryf deur die herder nie. Nee, hulle het die herder **gevolg**. Dit het beteken dat hulle **vertroue** in die herder gehad het. Hulle het hom blindelings gevolg. Hulle eie wil het nie 'n rol gespeel nie. Weliswaar was daar uitsonderings. Soms het '**n dom skaap** sy eie koers ingeslaan. Soms het so 'n skaap verlore geraak en koers verloor, en moes die herder die **skaap gaan soek**. Soms was dit nodig om selfs 'n skaap se **been te breek**, en dit dan weer te spalk sodat die skaap kruppel-kruppel verplig was om agter die herder aan te kom. Soms het die herder, veral die lammers wat nie kon byhou nie, **opgetel en gedra**. Die herder het ook 'n kiere en vangstok saamgedra. Die een was om die **skaap te stuur** en die ander was om hom te **vang**. Die herder het die **skape gelei** na die beste plek toe vir die skape. Hy het geweet wanneer dit nodig was om die skape na sagte groen gras te lei en wanneer die skape meer growwe voedsel en soms selfs minerale moes inkry. Dit was nie altyd vir die skape lekker nie, maar hulle het die herder met

vertroue gevolg. Die herder het die skape ook by plekke gebring waar hulle kon **rus**. Soms was dit nodig om die skape in die nag **te beskerm** en is hulle in krale gejaag. Die herder het gewoonlik by die enigste ingang tot die kraal gelê en slaap. Niemand en niks kon so by die skape, sonder sy wete, uitkom nie. Meestal is van **vetstertskape** in Israel gebruik gemaak. Daar is aanduidings dat hierdie tipe skaap reeds in die negende eeu voor Christus in Israel aangetref is. Die skape was gewoonlik wit en het vet sterte gehad. Daar was tot 10 kilogram vet in so 'n stert. Die skaap se wol is vir **klere** en spindoeleindes aangewend. Natuurlik was die grootste waarde van die skaap in die feit dat hy **geëet** kon word. Benewens die mak skape was daar ook **wilde skape**, groot sterk diere met lang hare. Daar kom vandag nog van dié wilde skape in Israel voor. Vermoedelik is dit een van die skape wat Abraham in die plek van Isak geoffer het.

Wanneer Jesus ons met skape vergelyk, en Hom as die Herder van die skape voorhou, kan ons met elkeen van die dinge wat hier ten opsigte van die skaap en die herder genoem word, identifiseer (Joh. 10: 1 tot 30).

Ons is die skape, Hy is die Herder. Hy lei ons en dwing ons nie om Hom te volg nie. Ons het 'n keuse om agter Hom aan te kom. Omdat Hy vir ons lief is, sal Hy ons keer om op gevaarlike plekke te kom waar ons koers kan verloor en in die sondige wêreld kan verdwaal. Hy sal ons lewens bestuur en beheer. Soms dra Hy ons wanneer ons moeg word, om op die lewenspad te wandel. Soms is dit nodig dat Hy ellendes in ons lewens toelaat sodat ons net agter Hom sal aanloop. Hy

weet wat vir ons nodig is, wat ons moet te ete kry. So lei Hy ons na plekke toe waar en wanneer ons die regte geestelike kos sal kan geniet. Hy beskerm ons in die nag van ons lewens. Niemand kan ons benadeel nie want Hy waak oor ons. Ons was ook eers wilde skape met lang hare, soos Legio, voordat ons deel van Sy kudde geword het. Die wildheid het uit ons verdwyn en ons het geleer om ons Herder te vertrou en Hom te volg. Ook ons het waarde vir ander, en soms word waardevolle dinge van ons weggeneem om ander mee te bevoordeel. So kry ons lewens eintlik eers werklik betekenis wanneer dit in diens van ander weggegee word. Ons het ook deel aan die vettigheid van God se goedheid; my *beker loop oor* en *U maak my hoof vet met olie* (Ps.23:5). Die wedergebore mens kan, sonder die beperking van die eie ek, agter die ewige Herder aan kruisdra. Dan is 'n skaap nie meer 'n skaap nie.

Asor: Helper.

In 'n wêreld vol van onegtheid, leuens en bedrog, is dit nie snaaks dat 'n mens sal soek na iets soos egtheid nie. Dit geld ook die mens se selfbeeld. Maar is iets soos 'n ware selfbeeld moontlik? Kom ons kyk na wat met 'n ware selfbeeld bedoel word. Vermoedelik is dit 'n poging om deur te dring na dit wat die betrokke mens in wese werklik is. Die woord *ware* kan maklik verstaan word. Dit het met die essensiële, die regte, die egte te make. Selfbeeld is 'n ietwat moeiliker omskryfbare begrip. Beeld, in Engels *Image*, word soos volg in die Oxford verklaar:

Imitation of objects external form, form, semblance, general impression of some person, counterpart, simile.

Die werkwoord van beeld, *imagine*, word soos volg verklaar:

Form mental image of, conceive, suppose, think, fancy, guess.

Uit *image* kom die woord *imagery* en *imagination*.

Dit wil dus voorkom of 'n beeld nie die werklikheid, die egtheid die essensiële aandui nie. So is dit dan onmoontlik om twee teenstellende begrippe in een term te gebruik. *Ware* en *beeld* weerspreek mekaar. Dit is nie moontlik om 'n *ware beeld* te vorm nie. 'n Ware selfbeeld is dus nie moontlik nie. Die term valse selfbeeld het 'n groter bestaansmoontlikheid aangesien vals meer aanklank vind

met begrippe soos namaaksel, verbeelding, 'n ooreenkoms, 'n vorm van, en dit wat geraai word. Iets soos 'n *egte self* kon moontlik nader aan ondersoekbaar gewees het.

Hier kom egter die lewensingesteldheid van die ondersoeker ter sprake. Die fenomenoloog sal byvoorbeeld anders na hierdie begrip kyk as die persoon wat uit 'n Christelike perspektief daarna kyk. Vir die skrywer is dit onmoontlik om hom te distansieer van dit wat hy is en daarom is die enigste ondersoekmoontlikheid wat vir hom oop is, die van 'n Christelike beskouing. Die vraag is dus wat is 'n *egte self* vir 'n Christen?

Kom ons kyk eers wat sê Jesus van die mens. In Johannes 2: 24 staan die volgende ten opsigte van Jesus se siening van die mens:

Maar Hy het nie vertrou in hulle gestel nie, omdat Hy geweet het hoe hulle almal is. Hy het nie nodig gehad dat iemand Hom iets van 'n mens vertel nie, want Hy het geweet hoe mense is.

Asriël: Deur God verbind.

Jesus verklaar dus van die mens dat hy onbetroubaar is. Die Amplified Bible sê: *He Himself knew what was in human nature.* Jesus het primêr gekom om die mens van sy sondes te verlos. Hieruit is dit dan moontlik om af te lei dat die persoon wat die mens gemaak het en hom intiem geken het, geweet het dat die mens in sy diepste wese sondig en onbetroubaar is. Die mens in sy natuurlike staat, die ware egte natuurlike mens, is dus ‘n sondige onbetroubare wese. Hierdie ongeredde mens se identiteit, hoe hy homself sien en beleef, sal bestaan uit ‘n siening van *ek is my eie god, ek bepaal my eie toekoms, ek dien myself en leef vir myself en haal soveel uit die lewe vir myself as wat ek kan. Ek is goed en bekwaam en moet myself net aktualiseer. Ek het geen toekoms na die dood nie en daarom moet ek soveel genot as moontlik uit hierdie lewe vir myself haal.* In Sielkundetaal kan dit op iets dui soos *selfverwesentliking* of *selfaktualisering*. Hierin lê die kiem van die gevaar van ‘n studie oor die selfbeeld. Die self word tot objek van studie verhef. In plaas daarvan dat die self verloën word (soos Jesus dit aanbeveel, Mat.16:24)), word die self gekoester, bestudeer, verhef en word selfs pogings aangewend om dit te verbeter.

Daar is egter ook vanuit ‘n Christelike denkraamwerk ‘n ander *egte self*. Wanneer die natuurlike, sondige, verlore, selfgerigte, onbetroubare self homself verloën, tot God bekeer, sy sondes bely en Jesus as Verlosser aanneem, sterf die eerste

egte self. 'n Nuwe mens word hierna gebore, wedergeboorte, en God blaas die asem van die Heilige Gees in hom in. Hierdie nuwe wedergebore, egte self, het 'n totaal ander identiteit as die eerste een. Hierdie egte self weet dat die ou self gesterf het, dat Jesus se Gees nou in hom leef om hom te lei, te beheer en te bestuur. Hy het 'n nuwe identiteit in die feit dat hy weet dat hy kind van God geword het. Hy weet dat hy 'n ewige toekoms het, 'n blye toekomsverwagting. Hy weet dat hy deur die krag van God, wat in hom is, tot alles in staat is. Die liefde van God dring hom om die goeie te doen, veral aan sy medemens. Hierdie nuwe egte self is weliswaar nie volmaak afgerond nie, maar is in 'n beweging na volmaaktheid toe. Hy is nooit afgegrens, volmaak in hierdie bedeling nie. Sy egtheid lê nie in sy afgerondheid nie maar juis in sy voortdurende vernuwing en heiligmaking, in sy afsondering vir Hom wat hom verlos het van die ou, nou onegte, self. 'n Nuwe beheermeganisme het in hom ingekom. Dit is nie meer die ou self wat rig, beheer, vir homself gryp en ten alle koste sy eie wil probeer doen nie. Nee dit is nou 'n gekruisigde selfwil, 'n onderworpe wil, 'n oorgegewe wil, 'n wil wat God voortdurend aan werk, om meer gewillig te maak om Sy wil te doen, te midde van die bekwaamheid wat Hy verskaf.

Dit is nie nodig om hierdie nuwe egte self te bestudeer nie. Al die eienskappe van hierdie self is reeds in die Bybel vir ons beskryf. Daar is weliswaar soms afwykings te bespeur maar die afwykings vorm nie 'n nuwe self wat weer bestudeer moet word nie. Al wat sinvol oorbly is om die Een wat hierdie nuwe

egte self tot stand bring te bestudeer. Daarom is kennis van God die beginsel van wysheid.

(Hierdie los gedagtes is maar net opgeteken as 'n perspektief van 'n ou Sielkundige, iemand vir wie die klanke van die Sielkunde vir baie jare die mooiste musiek denkbaar was. Maar nou het die klanke vir die ou oom dof en vals begin word. Nuwe dinge soos die groot oorgang, die ewigheid wat so naby gekom het, hoop, liefde, verlossing en vergifnis, is die dinge wat sin aan die ou oom se bestaan gee. Moenie dat die paar gedagtes jou afsit nie. Loop die pad wat die Here vir jou aandui. Ons as gelowiges is geroep om 'n verskil te maak waar hy ons geplaas het. Maak jou verskil, vertrou Hom. Maak net baie seker dat jy in Sy wil is.).

Asrikam: My Helper het opgestaan.

Wanneer oor jou lewe nagedink word, wonder 'n mens soms of jou lewe as suksesvol beskryf sal kan word. Sal 'n suksesvolle lewe 'n lewe wees waarin 'n persoon baie welaf geword het? Sal dit 'n lewe wees waarin 'n persoon baie bekend en beroemd geword het? Sal dit 'n lewe wees waarin 'n persoon hoë kwalifikasies verwerf het? Sal dit 'n lewe wees waarin baie vir die medemens gedoen is? Sal dit 'n lewe wees waarin 'n groot nageslag tot stand gekom het? Of sal dit 'n lewe wees waarin 'n mens veel mag en 'n magsposisie bekom het? Hierdie is voorbeelde van die maatstawwe wat gewoonlik vir 'n suksesvolle lewe aangelê word. Omdat hierdie maatstawwe vir die meeste mense sukses uitspel word hierdie dinge dan ook van die belangrikste dryfvere in baie mense se lewe. Maar wat sê God se Seun van 'n suksesvolle lewe?

Om hierdie vraag te beantwoord gaan ons van die *Amplified Bible* gebruik maak. Ons gaan kyk wat Jesus sê van wat Hy as 'n suksesvolle lewe beskou. Die gedeelte waarna ons gaan kyk, is in Lukas 6: 20 tot 49 opgeteken.

Sukses word soos volg deur Jesus omskryf:

20: He said: Blessed (happy with life joy and satisfaction in God's favor and salvation, apart from your outward condition – and to be envied) are you----

en dan volg verskillende kriteria van mense wie se lewens volgens Jesus besonder geseënd is, of in ons taal baie suksesvol is. Kom ons kyk wie is hierdie mense wat volgens Jesus so besonder geseënd en gelukkig in hulle aardse bestaan is:

*1.....are you **poor and lowly and afflicted (destitute of wealth, influence, position and honor.** Reeds in die eerste kriteria wat Jesus aanlê word 'n streep deur meeste van die menslike kriteria vir 'n suksesvolle lewe getrek.*

*2.....are you who **hunger and seek with eager desire now.** Vir Jesus is sukses om honger te wees en daarna te verlang om versadig te word.*

*3.....are you who **weep and sob now.** Volgens Jesus is 'n geseënde persoon iemand wat bekend is met trane en hartseer.*

*4.....are you when people **despise(hate) you, and exclude and excommunicate you(as disreputable) and revile and denounce you and defame and cast out and spurn your name as evil and wicked on account of the Son of Man.** Hier word lyding, soos Jesus dit ervaar het, uitgespel.*

Assur:Helper.

Teenoor ‘n suksesvolle lewe word daar dan uitgespel wat Jesus as ‘n mislukte lewe beskou.

1. *Woe to you who are **rich** (abounding in material resources)*
2. *Woe to you who are **full** now (completely **filled**, luxuriously **gorged** and **satiated**)*
3. *Woe to you who **laugh** now*
4. *Woe to you when everyone **speaks fairly** and **handsomely** of you and **praises** you*

Daar ontstaan nou in baie mense se gedagtes ‘n dilemma. Wat doen ek indien ek ryk is, versadig is, baie het om oor te lag en plesierig te wees, as mense goed van my praat en my prys? Jesus sê tog immers van hierdie mense dat hulle bejammer moet word omdat hulle lewens besig is om te misluk.

Die antwoord word in die res van die hoofstuk verskaf. Dit kom daarop neer dat **jy aan Jesus gehoorsaam moet wees**. Indien jy dit doen sal jy meer as genoeg lyding ervaar. Hoe en waarin moet ek dan aan Jesus gehoorsaam wees?

1 *make it a practice to love your enemies, treat well (do good to, act nobly towards those who detest you and pursue you with hatred.* Wanneer jy jou vyande so begin hanteer sal jy gou agterkom wat lyding is.

2. *Invoke blessings upon and pray for the happiness of those who curse you, implore God's blessing (favor) upon those who abuse you (who revile, reproach, disparage and high handedly misuse you.* Wanneer jy begin bid en mense seën wie jou so sleg behandel (wie van ons ervaar nie elke dag onreg in hierdie land nie?) sal ons iets van lyding begin ervaar.

3. *To the one who strikes you on the jaw or cheek, offer the other jaw or cheek also; and from him who takes away your outer garment, do not withhold your undergarment as well.* Wanneer jy nie meer krampagtig vashou aan jou eie geregtigheid en besittings nie sal jy spoedig weet hoe dit voel om te ly.

4. *Give away to everyone who begs of you (who is in want of necessities), and of him who takes away from you your goods, do not demand or require them back again.* Wanneer jy hierdie lyding begin ervaar sal jy iets van Jesus se lyding deelagtig begin word. In vers 35 word die volgende van Jesus in hierdie verband gesê: *He is kind, charitable and good to the ungrateful and the selfish and wicked. So be merciful (sympathetic, tender, responsive and compassionate) even as your Father is.* In hierdie lyding en onreg word ons soos Jesus en word ons lewens gevorm om suksesvol te word.

5. Seker een van die moeilikste dinge vir 'n mens, is om nie te oordeel nie. Wanneer jy op hierdie punt gekom het begin jy waarlik iets van Jesus se lyding ervaar. Hy het aan die kruis uitgeroep: *Vader, vergeef hulle want hulle weet nie wat hulle doen nie (Lukas 23:34)*. Iets van Jesus se onregverdige lyding, om ons as sondaars te red, deur in ons plek te ly, word in vergifnis vir jou medemens geopenbaar. Hier word lyding, in seker een van sy felste vorms, ervaar. ***Judge not (neither pronouncing judgment nor subjecting to censure) and you will not be judged.*** *Wanneer jy nie meer veroordeel word nie begin die hemelpoorte vir jou oopgaan en begin jou lewe die geur van sukses versprei.*

Hierdie 5 punte is in 'n sekere mate die opsomming daarvan om jouself te verloën. Alleen die persoon wat homself verloën, en bereid is om die kruis van selfverloëning, agter Jesus aan te dra, kan laag genoeg buk om by die klein hemelpoortjie in te gaan.

In verse 48 en 49 word die suksesvolle lewe vergelyk met 'n persoon wat sy huis op 'n rots gebou het. Jou lewenshuis kan ook die aanslae van die lewe weerstaan indien dit gebou is op die rots, Jesus. Wat 'n troos om te weet: *As die Here die huis nie bou nie, werk die wat daaraan bou tevergeefs (Psalm 127)*.

Indien jy nou sou sterf, wat sou Jesus vir jou by die hemelpoort oor jou lewe gesê het: *Suksesvol of Mislukking?*

6 Desember

‘n Verhouding

Atara: Kroon.

Jesus sê: *Bly in My soos Ek in julle (Joh. 15:4).*

Voor alle tye was daar God, Jesus en die hemelwesens. Daar was geen sonde nie. Alles was in perfekte harmonie. Daar was eenheid. Satan het egter van homself bewus geword. Meer nog, hy het gevoel dat sy skoonheid en bekwaamheid so wonderlik is dat hy enige tyd net so belangrik soos God kan wees. Ons weet wat die gevolg van satan en sy volgelinge se arrogansie was; hulle is uit die hemel uit gegooi (Eseg.28). Die perfekte verhouding wat bestaan het, is verbreek.

God skep weer hierna ‘n perfekte verhouding, met die skepping van die aarde, waartydends Hy ewebeelde van Homself maak, ‘n man en ‘n vrou. Weer word die perfekte eenheid tussen God en ander verbreek, hierdie keer deur die sondeval van die mens. Die eenheid word nie net tussen God en mens verbreek nie, maar ook tussen mens en mens. Die mense begin mekaar haat en uitmoor. Sedertdien gaan dit van kwaad na erger. Daar kom almeer verdeeldheid, al minder eenheid, meer en meer kerke, meer en meer geslote klein gemeenskappies kom tot stand.

In hierdie deurmekaar en verskeurde verhoudings kom Jesus, een met die Vader en Sy Heilige Gees, na hierdie aarde toe. Deur wat Hy doen, herstel Hy die verhouding tussen mens en Homself, tussen die mens en God, en tussen mens en mens. Vir almal wat so klein in hulleself kan raak dat hulle opgee op hulle

verhouding met hulleself en hulle selfpogings. Dit is mense wat hulleself kan verloën vanweë hulle eie sondigheid en gebrokenheid, gee Jesus Sy Heilige Gees invulling. So kom woon Jesus in die mens deur Sy Gees. Wanneer dit gebeur word die mens deur God se Gees afgesonder en geheilig, om in Jesus te kan inkom, om in Jesus te kan woon, sonder eiewaan of sondes. Hy is dan klein genoeg om in Jesus te kan inpas. Wanneer dit gebeur en die mens weer een word met Jesus, kan hy met Jesus se gedagtes begin dink, met Jesus se oë begin kyk, met Jesus se hart begin voel en met Jesus se hande begin doen. Op hierdie stadium van die mens se verhouding met Jesus gebeur 'n wonderlike ding. Dit word vir ons in 1 Petrus 1:21 beskryf (Amplified Bible):

Through Him (Jesus) you believe in (adhere to, rely on) God, Who raised Him up from the dead and gave Him honour and glory, so that your faith and hope are (centered and rest) in God.

Die mens is nie net in Jesus nie. Soos hy in Jesus is en een word met Jesus word hy in staat gestel om ook deur Jesus dinge te doen, soos om in God te glo, God wat Jesus opgewek het. So word die mens se ankerpunt omvattend gevorm om God in Jesus in te sluit. Die mens se geloof en hoop word in God se Drie-eenheid veranker. Die misterie van die Goddelike eenheid maak hierdie begrippe moeilik verstaanbaar vir die mens. Juis daarom word die ware eenheid van die mens met God, nie deur kennis en begrip nie, maar deur geloof ontsluit.

Baaseja: Jahwe is dapper.

Die eerste ding wat gebeur het, nadat die eerste mens die eerste sonde gedoen het, is dat die mens bewus geword het dat hy naak is. In Genesis 2: 6 en 7 staan die volgende in hierdie verband opgeteken: *Sy (Eva) het ook vir haar man (Adam) by haar gegee (verbode vrug) en hy het geëet. 7. Hulle altwee se oë gaan toe oop, en hulle beseft dat hulle kaal is.* Die eerste ding wat hulle hierna gedoen het was om vir hulle skaamte 'n bedekking te probeer maak, deur vyeblare aanmekaar te hang vir klere. Adam was hierna bang vir God omdat hy kaal was. In vers 10 staan: *Ek (Adam) het U hoor wandel in die tuin en ek het bang geword, want ek is kaal. Toe het ek weggekruip.* Nadat God Adam, Eva en die slang se straf uitgedeel het, ontferm Hy hom oor Adam en die eerste ding wat Hy doen is om vir hulle klere te maak en dit vir hulle aan te trek: Vers 21:

Daarna het die Here God vir die mens en sy vrou velklere gemaak, en hulle dit aangetrek.

Vierduisend jaar later lees ons weer van 'n Persoon wat sonder klere was. In Johannes 19: 23 lees ons die volgende: *Toe die soldate Jesus dan gekruisig het, het hulle sy boklere gevat en dit in vier dele verdeel, vir elke soldaat 'n deel. Hulle het ook sy onderkleed gevat. Dit was sonder naat van bo af in een stuk geweef. Hulle sê toe vir mekaar: "Ons moet dit nie skeur nie. Kom ons loot wie dit moet kry."* In Psalm 22: 19 staan van Jesus: *Hulle het My klere onder mekaar verdeel.*

Van hierdie gebeurtenis berig die Hebreërskrywer soos volg in hoofstuk 13: 13:
Laat ons dan nou uitgaan na Hom (Jesus) toe buite die laer en die smaad dra wat Hy gedra het. Die Amplified Bible noem dit: Contempt, abuse, shame.

Van alles wat met Jesus tydens Sy kruisiging gebeur het word breedvoerig berig, bespreek en gepreek. Oor hierdie een insident, naamlik Jesus se naaktheid aan die kruis, is daar egter baie min mense wat bereid is om daaroor te dink en te praat. Waarom sal dit so wees? Ek dink die antwoord is in die gedeelte wat ons uit Genesis 2 aangehaal het, naamlik Adam se skaamte oor sy naaktheid na sy sondeval. Ons is skaam om oor naaktheid te dink. Ons identifiseer met Adam na sy sondeval en dra vandag nog die skaamte in ons rond. Vir God, Wie Adam so goed geken het omdat Hy hom gemaak het, was daar deernis met hierdie groot probleem. God het ingegryp en vir die mens en sy vrou velklere gegee. Ek dink ons kan aanneem dit was uit een vel van een dier vir elke mens gemaak. Die dier moes gesterf het voordat sy vel beskikbaar geword het, en bloed moes sekerlik hiervoor gevloei het. 'n Dier moes dus met sy lewe boek om Adam se skaamte te bedek. Nie net 'n dier moes vir Adam se skaamte geoffer word nie.

Jesus moes aan die kruis ook met Sy naaktheid die uiterste skaamte van Adam tienvoudig en meer ervaar het. Hy is immers langs die hoofweg aan die kruis opgelig sodat elke mens wat met die pad verbygaan, Sy naaktheid kon gadeslaan. Hierdie gedagte is te veel vir 'n mens en jy wil sommer net gou aanbeweeg en aan iets anders begin dink. Dalk is ons skaam vir dit wat ons sondes aan Hom

gedoen het. Jesus moes dus boet met sy skaamte en smaad vir Adam se sonde wat tot sy skaamheid gelei het. Jesus het nie eers die blare van die vyeboom, wat Hy vervloek het, gehad om Sy skaamte te bedek nie (Mat. 21:19). Niemand het vir hom die vel van 'n offerlam voorsien om Sy skaamte te bedek nie. Nee, Hy moes blootgestel word, opgehys word, vertoon word vir die spot van mense wie se sondes hy op daardie oomblik voor gely het. Soos die lam geoffer moes word om Adam se skaamte toe te maak, om sy sondes te bedek, so word Jesus se onderkleed ook uitgetrek. Hy word ontbloot sodat ons sondes toegemaak kan word. Ons sondeskande word toegemaak deur Jesus se ontbloting.

Weliswaar was daar in Jesus se fisiese lyding aan die kruis geweldige pyn, lyding en smarte verbonde. Die lyding vanweë die skande van naaktheid is egter nie na behore, deur ons vir wie Hy dit deurgemaak het, waardeer nie. Soos Nikodemus Sy liggaam liefdevol in linne toegedraai en bedek het (Joh. 19:39), het Hy ook ons liggame, deur Sy vernedering, gesalf vir die opstanding tot verheerlikte liggame wanneer skaamte, soos voor die sondeval, nie meer sal bestaan nie.

Bakbukja: God het uitgegiet.

Wanneer ons nagmaal gebruik, herdenk ons Jesus se dood, vir ons, aan die kruis. Toe Hy uitgeroep het: *Tetelestai!* (*Joh. 19:30*) is **alles werklik volbring**. Die volle prys vir ons oortredings is betaal. Ons boetes is betaal met Sy verwoeste liggaam en al die bloed wat uit Sy liggaam gevloei het. Wanneer ons die brood eet en die wyn drink tydens nagmaal eet ons op 'n simboliese wyse sy liggaam en drink ons op 'n simboliese wyse sy bloed soos Hy dit vir ons verduidelik het by die instelling van die nagmaal; *Neem eet, dit is my liggaam* (*Mat. 26:26*) vir die brood en toe vir die wyn: *Drink almal daaruit want dit is my bloed* (*Mat.26:28*).

Die brood gaan na die nagmaalgebruiker se maag toe. Dit wil sê na die mees sentrale deel van sy liggaam. Jesus word op hierdie manier deur Sy liggaam wat die sentrale deel van ons liggaam word, die middelpunt van ons bestaan, van ons nuwe lewe in Hom. Voorheen was hier 'n ander persoon in die senter van ons bestaan, naamlik die eie ek, die selfbestaan. Voor Jesus die middelpunt geword het, het ons net vir onself geleef. Ons eie ek, was dit waaroor alles gegaan het. Dikwels het die kos wat ons geëet het deel van hierdie diens aan die eie ek uitgemaak. Ons maag was ons god. Ons singenot was ons diens aan onself. Eers toe Jesus se opdrag van selfverloëning, in ons lewens begin werklikheid word, (*Mat.16:24*), kon Jesus die sentrale plek in ons lewens begin inneem. Daarom

maak dit sin om soms te vas. Dit is dan 'n tipe van selfverloëning wat plaasvind. Om die kruis op te neem nadat selfverloëning plaasgevind het, is om die kruis van Jesus, om Homself, in die senterpunt van ons bestaan te plaas.

Wanneer die **natuurlike mens (onbekeerde mens)**, wyn drink gaan die wyn na die maag toe, maar daar gebeur ook ander dinge. Bykans dadelik nadat die wyn gedrink is begin die alkohol in die wyn deur die liggaam versprei deur middel van die bloed. Die hele liggaam word geaffekteer. Die brein word aangetas, die emosies word verander, die liggaam se balans word geaffekteer, die denkprosesse word verander, die wil van die mens word geaffekteer. Kortom alles van die mens se siel en liggaam kom in die gedrang. Die gees van die natuurlike mens is dood. Vir die **wedergebore mens** het die nagmaalwyn 'n ander betekenis. Die **gees** van die wedergebore mens lewe, hy is wedergebore. Die wyn as simbool van Jesus se verlossingsbloed versterk die gees van die mens. Vanuit die gees van die mens, wat nuut geword het deur Jesus en God se Heilige Gees, word die hele lewensloop van die mens beïnvloed, amper soos gewone wyn se alkoholinhoud die natuurlike mens beïnvloed het. Die invloed is nou egter ten goede, want alles is onder beheer van God se Gees. So deurtrek God se Gees, ons ganse bestaan; ons wil, emosies, denke, en liggaam. Veel meer nog, nou begin Hy in ons gees vrug dra; Heilige Geesvrug.

Omdat ons menslik is, bly daar 'n voortdurende stryd bestaan tussen die eie ek, die oumens, wat so graag weer die middelpunt van ons bestaan wil word en die

Gees van God. Hierdie stryd duur voort totdat ons liggame afsterf. Daarom is dit nodig dat ons Jesus se liggaam, as brood, en Sy bloed, as wyn, ter herdenking van Jesus se oorwinnende stryd, vir ons versterking, tydens nagmaal gebruik.

Doen dit tot My gedagtenis!

Lukas 22: 19

Barageël: Deur God geseën.

Kry jy ook soms hierdie gevoel dat daar nie liefde in jou is nie. Dit voel of jy nie regtig vir God met 'n brandende liefde, liefhet nie. Jy voel onverskillig oor jou medemens en sy lot raak jou nie eintlik nie. Wanneer jy ander gelowiges met 'n passie vir God en vir hulle medemens raakloop, voel jy skuldig omdat jy so apaties teenoor God en jou medemens staan. Indien jy nie een van hierdie mense is nie kan jy nou maar ophou lees, dan is hierdie boodskappie nie vir jou nie.

Nou ja, welkom by ons groep, sporadies ongevoelige, liefdelose mense. Hoe gebeur dit dat ons wat ook tog die meeste van die tyd lief is vir God en omgee vir ons medemens op sulke brak liefdelose lewenskolle uitkom?

God is liefde (1 Joh. 4:8). Hy is die enigste bron van liefde. Soos Johannes sê: *Ons kan net liefhê omdat God ons eerste liefgehad het (1 Joh. 4:19)*. Indien jy dit nie glo nie en die bron van liefde op enige ander plek soek, sal jy nie Goddelike liefde kan ontvang nie, en jy sal gevolglik niks hê om aan ander uit te deel nie. Enige mens wat die liefde in homself probeer opwek, sal vir 'n baie beperkte tyd, en in 'n baie beperkte mate, liefde ervaar. Dalk sal die emosie van liefde vir 'n rukkie geprikkel word soos wanneer jy 'n mooi babatjie of 'n mooi hondjie sien. Hierdie liefde sal nie veel verskil van die liefde wat 'n ongelowige ervaar nie. Dit is nie die liefde wat God in ons harte uitstort nie.

Maar dit verklaar nog nie waarom ons sporadies so liefdeloos is nie. Kan dit wees dat ons God nie glo, as Hy sê dat Hy ons liefhet nie? Raak ons te min stil by Hom? Laat ons te min toe dat God ons kan liefhê? Gee ons vir Hom geleentheid en tyd om ons lief te hê? Bedink ons te min wat Liefde doen? Dit mag alles waar wees. Daar is egter nog 'n rede vir ons liefdelose bestaan. Liefde is nie werklik iets wat ek kan doen nie. Liefde, Goddelike liefde, is buite die vermoë van die natuurlike mens. Vir hierdie liefde is die mens afhanklik van God. Alleen God, wat die enigste bron van liefde is, kan hierdie Goddelike liefde op ons, en in ons, en deur ons, uiststort. Die enigste ding wat jy kan doen is om in God te rus, en om Hom toe te laat om Sy liefdevolle arms om jou te vou, soos die vader sy arms om die verlore seun gevou het (Lukas 15:13). God deel nie Sy eer met enigiemand anders nie. Indien jy tot liefde in staat was, sou jy God nie nodig gehad het nie. Daarom sal jy weet, wanneer jy op die brak kol van liefdeloosheid wei, dat jy nie besig is om God toe te laat om alles te wees en alles te doen nie. Met ander woorde dat jy Hom nie stil toelaat om jou lief te hê nie. Selfs jou blote aanvaarding van God se liefde, impliseer tog iets wat van jou kant af gedoen moet word om God se liefde te ontvang. God is liefde (1 Joh. 4:8). Ontspan. Rus in Hom. Sit stil by Hom. Laat Hom toe om met Sy liefdevolle teenwoordigheid jou te bedien. Soos jy Sy liefdevolle teenwoordigheid ervaar en weet dat Hy jou liefhet, sal Sy liefde rustig en stil weer jou deel word. Indien jy dan hierdie liefde aan ander begin uitdeel sal Sy liefde jou weer vul. So sal jy in die beweging van Sy liefde deur jou weet dat alles nou weer reg is.

Bar-Jesus: Seun van Jesus.

Liefde kan nooit staties wees nie. Liefde is lewendig en moet beweeg om te kan leef. Daarom sal liefde wat sonder beweging in jou is, net nie ervaar word nie. Jy sal nie weet dat jy liefde in jou het nie. Dit is eers wanneer die liefde in beweging kom dat jy iets van liefde in jou sal begin ervaar. Dalk is dit die borreling van liefde wat beweging bring, dit wat jy kan ervaar. Enigiets wat borrel is in beweging en gewoonlik vloei dit dan iewers heen.

Soos water gemaak is om droë grond te deurdrenk, is liefde daar om in ander se behoeftes te voorsien. As die ander een honger is sal die liefde kos voorsien, as die ander een dors is sal die liefde water voorsien, as die ander een eensaam is sal die liefde kameraadskap voorsien, as die ander een siek is sal die liefde genesing bid en hande oplê, indien die ander een in 'n tronk of inrigting is sal die liefde 'n besoek bring.

Indien die liefde uit jou uitvloei sal dit borrelend weer in jou invloei. Vir liefde moet daar altyd plek gemaak word. Die enigste manier om ruimte vir liefde in jou te skep is om die liefde uit jou te laat vloei. Dan sal die borrelende liefde duidelik ervaar kan word. Die vreugde van die in- en uitborrel van die liefde sal jou lewe word. Dalk sal jy wonder oor die oorsprong van die borrelende liefde. Jy sal nie vêr hoef te soek nie. In die Bybel staan: *God is liefde (1Joh. 4:8)*. Dit wat jy as borrelende liefde ervaar is niks anders as God se teenwoordigheid wat jy ervaar

nie. Hoe meer jy aan Hom gehoorsaam is, en Sy liefde met ander en met Hom deel, hoe meer sal hy jou vul met Homself, die Borrelende liefde. Die wonder van God se liefde is dat dit nooit kan opraak nie. Solank Hy daar is, is Sy liefde daar. Daarom sal dit vir ewig daar wees, al het al die ander dinge verbygegaan.. Hy het jou gemaak om sy liefdeskanaal te wees. Solank jy aan Hom, die Bron van liefde, verbind is sal die liefde in en deur jou beskikbaar wees. Jy sal egter net die vreugde van liefde ervaar wanneer die liefde deur jou beweeg en met ander gedeel word. Statiese liefde is dood en kan nie gevoel word nie.

Barnabas: Seun van vertroosting.

Deur vraagstelling kom 'n mens tot kennis. Dit is in elk geval wat satan vir Eva probeer wysmaak het. Hy vra haar in die Tuin van Eden (Gen. 3:1): *Het God werklik gesê julle mag van geen boom in die tuin eet nie?* Hierdie opmerking van satan verlei Eva tot bevraagtekening. Waar sy voor die vraagstelling van satan tevrede was om alles net te aanvaar, en God gelowig te vertrou, open satan 'n ander dimensie van haar menswees vir haar. Deur haar bewus te maak van haar vermoë om te kan bevraagteken, open hy die rasonale wêreld vir haar. Toe sy satan se vraag probeer beantwoord, het sy die geveg verloor en was sy reeds intellektueel gevang in sy mag. Sy het geen kans gehad teen sy beredenerings nie. Spoedig het hy haar met sy halwe waarhede, sy intellektualisme en beredenerings oortuig. *Wie sal dan nie soos God wil wees deur alles te ken nie (Gen. 3:4).* Haar **geloof** in God is vervang met haar **denke**. Haar denkwyse het tot sekere handeling gelei (Gen. 3:6). *Toe besef die vrou dat die boom se vrugte goed is om te eet en mooi om na te kyk en begeerlik omdat dit kennis kan gee. En sy het van die vrugte gepluk en geëet.* Sonde is gebore, 6000 jaar gelede. Dalk sal dit wat hier geskryf is vir jou nie sin maak nie omdat jy ook deur intellektualisme beheer word, en dit wat hier geskryf is slegs verstaan kan word uit 'n geloofsperspektief. Dalk kan jy met jou intellektualisme die geloof in die kreatiwiteit van God nie aanvaar nie, en soek jy in 'n teorie soos evolusionisme,

die antwoord op jou vrae. Dalk is die geskiedenis van Adam en Eva vir jou soos 'n feevertaal aangesien jy geen empiriese bewyse daarvoor kan vind nie. Dalk het jy uit jou wetenskaplike benadering ander verklarings vir die werklikheid om ons. Onthou daar sal altyd hierdie spanningslyn wees tussen intellektualisme en geloof. Jy kan deur geloof sekere openbarings aangaande die werklikheid om jou bekom, maar jy kan nie deur kennis en verklaring van die werklikheid om jou, tot geloof kom nie. **Jy gaan tevergeefs soek om in die verklaring van dinge, geloof te bekom.** Dink maar aan die Fariseërs wat so hard probeer het om logiese verklarings vir Jesus se wonderwerke te probeer kry. **Geloof en intellektuele verklarings** is twee pole, al probeer geleerdes hoe hard om die twee te versoen. Geloof is nou verweef met God (Hand. 3:16).

Waarom sal die mens so hard probeer om deur sy intellek God en God se optredes te probeer verstaan en verklaar? God openbaar Homself aan die mens, nie deur intellektuele verklarings en empiriese bewyse nie, maar deur geloof. Hoe gaan die mens met sy intellek dinge verklaar waarvan hy nie die vaagste benul het nie. Neem nou maar die liefde. In watter deel van die brein ontstaan liefde, deur watter chemiese prosesse, deur watter elektroniese impulse, deur watter tentakels van watter breinselle, deur watter prosesse ten opsigte van die verskillende tipes liefde? Wat van die intensiteit van liefde en die motiveringskrag van liefde? Hoe en waar word dit gevorm? Wat is die oorsprong van liefde? Waarom is daar liefde? Die Bybel sê; *God is liefde*. Wat beteken dit vanuit 'n empiries,

intellektuele benadering? Of sal God nie liefde kan wees voordat dit bewys kan word nie?

Kan 'n skepsel die een wat hom geskep het verklaar? (Jes. 29:16). Kan 'n skepping die een wat hom gemaak het bevra? Is die skepper nie oneindig meer as die skepping nie? Hoe kan 'n stoel vir die skrynwerker vra: Waarom het jy my so gemaak (waarom 'n voetstoel en nie 'n Lazy Boy nie)? Waarom is twee van my pote korter as die ander pote (voedingstoel vir ma en baba), waarom kan ander wieg en ek nie, waarom het jy my vir vuurmaakhout gebruik?

Waarom is die mens so naarstigelik op soek na antwoorde ten opsigte van sinvinding, veral in lyding? Dink die mens dat die lyding minder sal wees indien hy dit kan verstaan of die rede daarvoor kan begryp? Soek die baie vrae dalk na 'n objek vir beskuldiging? Is die mens se soeke na sinvinding in lyding dalk verbloemde opstand teen God? Bevra so 'n mens dalk God se wysheid en oordeel? Is dit dalk 'n poging om vir God op 'n indirekte wyse te sê die mens dink God het 'n oordeelsfout begaan? Is dit dalk opstand teen God vir die pyn en onreg wat gely word? Is die soeke na 'n logiese antwoord dalk die ontkenning van God se soewereiniteit, iets wat net deur geloof tot sy reg kan kom? Of wil die mens, soos Eva, self God wees? Glo die mens satan se leuen, dat hy god kan wees, indien hy alles kan ken?

Barug: Geseënd.

Die lewe is soos 'n gebou met 8 verdieping. Deur ons lewe beweeg ons deur verskillende verdiepings of dimensies van ons lewe. Die dimensies kan beskou word as verskillende vlakke wat jy bereik in jou verhouding met die Here. Hoe hoër die dimensievlak wat jy bereik, hoe meer intiem raak jou verhouding met die Here. Telkens wanneer jy 'n nuwe dimensie betree, staan jy verstom oor jou arrogansie toe jy in die vorige dimensie 'n tipe van gelate tevredenheid ervaar het. Elke mens beweeg deur sy eie dimensies en teen sy eie spoed. My dimensie kan nooit jou dimensie wees nie.

Analoog

In 'n sekere opsig is die beweeg deur verskillende dimensievlakke soortgelyk aan die gelykenis van die wingerdstok en die lote (Joh. 15:2).

Wanneer die loot sy eerste verskyning maak is die blaartjies 'n besondere groen kleur (Geestelike geboorte). Die takkie is sag en pragtig. 'n Mens het lus en vertroetel die teer ou blaartjies. Aanvanklik lyk dit dus of die loot waarde in homself het, in sy skoonheid, reinheid en sagtheid. Spoedig word hierdie takkie langer en sterker en is die takkie nie meer so mooi nie (geestelike adolessensie). Om die waarheid te sê, die takkie verloor sy waarde. Indien die takkie wasdom

kan bereik en 'n vrug kan begin dra begin dit weer waarde kry (Geestelike volwassenheid) . Nou het die takkie nie meer waarde in homself nie maar word hy die deurgang van die sap van die wingerdstok na die vrug. Sy waarde is dus nie meer in homself geleë nie maar in sy verbinding met die wingerdstok en sy kanaaleienskap na die druiwetros toe (Geesvervulde lewe). Dit wat waarde het, is die wingerdstok wat met sy wortels, diep in die grond, die lewegewende krag van die plant is (Die mens se verbinding met God- ingeplant in die Here). Die wonder van die loot is dat indien hy getrou doen waarvoor hy gemaak is, hy later al meer soos die wingerdstok begin lyk (Eenwording met die Here). Later kan 'n mens nie meer onderskei waar die wingerdstok was en waar die loot begin het nie. Die loot word nou wingerdstok (Jesus se volgelingen begin soos Hy lyk in hulle liefdevolle lewe). Die tragiese is egter ook dat indien die loot nie sy funksie vervul nie hy as onvrugbare waterloot afgesny word (Ewig verbrand word)

Barsillai: Ystersterk.

Om die geestelike vlakke of dimensies beter te verstaan, kan ons na die Onse Vadergebed kyk (Mat. 6:9). In die *Onse Vader* kry ons 'n goeie idee van die geestelike dimensies van die mens. Kom ons lees wat nou volg van **onder na bo**.

Dit wil sê lees eerste nommer 8, dan 7 en so terug tot by 1

1. Die hoogste dimensie is wanneer die mens by homself en by sy medemens verby beweeg en God die hoogste prioriteit en sin van sy lewe maak. In hierdie dimensie leef die mens vir God se eer. God se Naam is bo alles. Alles gaan net oor God. Alle ander dimensies is aan hierdie dimensie ondergeskik. Die ideale plek om hierdie dimensie uit te leef, is in die hemel.

2. Die lot van die medemens word al hoe belangriker. Daar is by hierdie dimensiemens 'n dringende begeerte dat sy medemens nie verlore moet gaan nie, maar die Koninkryk van God moet beërwe. Geleidelik word die fisiese nood van die medemens ondergeskik aan die sielenood van die medemens, met ander woorde die redding van siele. So verskuif die klem dan ook geleidelik van die medemens na God as hoogste Prioriteit.

3. Mense wat op hierdie dimensie leef het nou oorgegaan van selfbehepthed en begin fokus op God. Die eerste ding wat werklik vir hulle belangrik word is die wil van God, in teenstelling met hulle eie wil. In die soeke

na God se wil kom hulle agter dat dit al minder oor hulleself gaan en al meer oor hulle medemens. Soos die mens al meer in hierdie dimensie begin leef, word hulle al meer bewus van die sielenood en fisiese nood van hulle medemens.

4. Mense op hierdie dimensie raak bewus van hulle afhanklikheid van God en wil Hom innooi om hulle te kom help. Tot hier het die mens nog die hele tyd net met homself te doen. Die vra vir daaglikse brood het te doen met menslike behoeftes en die dimensie van God, en wat Hy wil, is nog nie werklik betree nie.

5. Hierdie mense is bewus van sonde en kan bid dat God hulle sondes moet vergewe. 'n Kennis van Jesus as Verlosser word veronderstel.

6. Mense op hierdie dimensievlak kan al die laaste gebed van die Onse Vader bid. Hulle is al bewus van die invloed van satan en hulle is bang vir hom en kan al vra dat God hulle van die bose moet bewaar.

7. Hierdie mense val in die Amendimensie. Hulle het darem al so iets van God gehoor en weet darem al so 'n ietsie van Hom af. Hulle kan darem al saam met die wat bid, Amen sê. Hulle val net- net binne die dimensie waar 'n verhouding met God begin word.

8. Sommige mens lewe as ongelowiges. Hulle het nog nooit in die dimensie van kennis van God ingekom nie. Hierdie mense is die wat buite die Onse Vader leef. Hulle het nog nie met God kennis gemaak nie en is nie ingesluit by die gelowiges wat tot die Vader kan bid nie. Hulle val buite, onder, uit die Amen,

waarmee die Onse Vader afgesluit word. Hulle val in die dimensie van wêreldlinge.

Basmat: Geurig.

Die praktiese wonder van die hoër dimensies is geleë in die feit dat ek in hierdie dimensies, in 'n verhouding met Jesus, tot God die Vader in gebed kan nader. Nou word die wonder van In Jesus se Naam te bid 'n werklikheid. Ek kan tot die Vader bid, in Jesus se Naam. Ek kan dus namens Jesus met die Vader praat. Dit wat in Jesus se hart leef en Sy verhouding met Sy Vader, leef nou in my hart en word nou my ervaring van my verhouding met my Vader. Nou word dit moontlik om volgens God se wil te bid en om te vra wat Jesus eintlik van die Vader wil vra. My wil is saam met my ou identiteit gekruisig. Dan word die Onse Vader gebed soveel sinvoller. Dan beteken dit die volgende:

My Vader namens Jesus vra ek dat U alles op hierdie aarde so sal laat meewerk dat daar net lof en eer vir U Naam sal wees.

Sal U asseblief soveel mense as moontlik vandag inbring in U koninkryk sodat daar baie sal wees wat U sal grootmaak.

Here U is liefde en ek weet dit is U wil dat ons deur liefde gedrewe soveel as moontlik mense vir U koninkryk sal probeer inbring.

Here uit myself kan ek U nie eer soos ek moet nie en kan ek nie siele inbring soos ek moet nie, rus my asseblief daarvoor toe met die brood van die lewe.

Maak my ook vir hierdie heilige werk skoon en rein. Vergewe my asseblief.

Here U weet dat satan hierdie werk teenstaan. Asseblief, slaan sy bese aanslag teen my af.

Mag alles U verheerlik.

Amen.

Wanneer alles oor God se eer gaan, soos dit in die hoër dimensies van 'n verhouding met God die geval is, word alles, ook die ander 5 bede van die Onse Vader, deel van die mens se hoogste doel, naamlik om God te verheerlik en eer aan Sy Naam te bring.

Betsua: Dogter van voorspoed.

Dimensie-beginsels

*Dit kom voor of sekere beginsels afgelei kan word wanneer **dimensies** oordink word. Kom ons kyk na 'n paar van hierdie beginsels.*

1. Die beweeg van die buite-gelowige dimensie na die hoogste dimensie, naamlik die van om te leef vir die eer van God, loop parallel met die proses van **selfverloëning** of kruisiging van die self waarvan Jesus dikwels gepraat het. Die buite-gelowige begin met 'n totale beheptheid met homself. Alles gaan oor homself, sy selfhandhawing, sy genot, wat hy wil en dit wat hy kan bymekaarmaak. In teenstelling hiermee sal die gelowige mens homself totaal verloën. Die gelowige leef dan vir God. Die mens bestaan nie meer nie. Alles gaan oor die eer van God, God se Koninkryk en God se wil. So beweeg die mens vanaf selfaktualisering na liefde vir God en die medemens toe, met ander woorde na selfontkenning toe.
2. Nog 'n beginsel by dimensies is die van **energie** of krag. Die energie- of kragvlak van die mens kom vanuit die dimensie waarin hy leef en beweeg. Die tyd wat aan die dimensie spandeer word, die handeling

binne die dimensie en die intensiteit waarmee binne die dimensie geleef word, bepaal die energievlak vir die uitleef van die dimensie.

3. Mense kan **tussen dimensies beweeg**; daaglik, uurlik en selfs vir korter tydperke. Normaalweg neem jy die energie van die vlak waaruit jy kom met jou saam. Indien jy na 'n laer vlak beweeg kan jy verwag dat jy geleidelik die krag van die hoër dimensie sal verloor. Indien jy moontlik vir tydperke, soos om in 'n kerkdiens te wees, op 'n hoër vlak begin leef, kan jy verwag om die hoër geestelike energievlakke deelagtig te word.
4. Die mens het 'n **keuse** ten opsigte van die dimensie waarin hy wil beweeg. Indien die mens kies om vir 'n tydperk buite die gelowige dimensie te beweeg staan dit hom vry om dit te doen. Hy moet net nie verwag dat hy lank sy geestelike energievlakke sal behou nie. Hoe laer hy daal vanaf sy funksioneringsdimensie hoe vinniger sal hy sy geestelike energie verloor.
5. Soms word die mens **buite sy keuse** aan laer dimensies blootgestel. Indien die dimensie waarop hy normaal beweeg nie sterk gevestig is nie, kan hy verwag dat hy gou met die nuwe dimensie sal begin assosieer.
6. Die **suigkrag van satan is vanaf die laagste dimensie** naamlik die buite-gelowige dimensie of die buite- Amen dimensie. Hoe hoër die dimensie is waarop die mens beweeg hoe groter raak die spanningslyn

en hoe harder kan 'n mens val indien hy swig voor die aantrekkingskrag van satandimensie.

7. Dit is 'n menslike neiging om **mense na jou vlak toe te probeer aftrek**. Daarom raak dit al hoe gevaarliker hoe hoër die vlak word waarop die mens funksioneer. Daar is doodeenvoudig net baie meer wat jou sal aanval en probeer aftrek.
8. Mense op 'n sekere dimensie is geneig om **mekaar te ondersteun**. Hoe hoër die dimensie raak hoe hoër is die kwaliteit van ondersteuning (Liefde). Die teendeel is ook waar. Hoe laer die funksioneringsdimensie hoe swakker ondersteuning is daar van jou dimensiegenote.
9. 'n Mens kan beswaarlik 'n tuiste in 'n dimensie bekom deur dit te probeer koop met geld, of dit te probeer verdien of dit deur jou eie bekwaamheid te probeer bekom. 'n Mens kry eerder permanensie in 'n dimensie volgens wat jy daar spandeer. Veral die tyd wat jy spandeer, die energie wat jy daar uitstort, die toewyding waarmee jy jou in die dimensie vestig, die geld wat jy weggee en die liefde wat jy uitstort. In die finale instansie is jou dimensie net 'n stuk genade, onverdiende genade, iets wat jy dankbaar aanvaar en met piëteit vir jouself toeëien.

(Die Leuen van Voorspoedsteologie)

Bealja: Jahwe is Heer.

Die Nuwe Testamentmens leef in 'n geloofs- en geesdimensie. Die Ou Testamentmens met sy konkrete, fisiese leefstyl en empiriese verklarings, wat op sintuiglike waarnemings gebaseer is, het grootliks verbygegaan. Adam se geestelike bestaan soos dit in 'n verhouding met God gestalte gekry het in die paradys, het deur die sondeval verlore geraak. Hierdie geesbestaan word in die Nuwe Testament herstel. Die Ou Testamentbestaan het sy bekoring verloor omdat Jesus weer die moontlikheid van 'n ryke geesbestaan tot stand gebring het. Die oog van die mens word al minder op sy omgewing gerig en al meer op Jesus en dit wat na die aardse bestaan vir die mens wag. Die nuwe mens van die Nuwe Testament leef deur God se Gees. Sy bestaan word, soos hy nader aan God in 'n intieme verhouding kom, al meer 'n geestelike bestaan en 'n minder konkrete fisiese bestaan. Hy begin al meer die dinge bedink wat daarbo is. Hy wandel al meer in 'n verhouding met sy Skepper. Hy fokus op dit wat ewigheidswaarde het en maak homself al meer los van die aardse dinge. Hy vind sy vreugde in God en die doen van dit wat God van hom vra. Sy rykdom, sy skat, is in die hemel waar *mot en roes nie verniel nie, en waar diewe nie inbreek en steel nie* (Mat.6:20). Hy vind die sin van sy bestaan in Jesus en dit wat hy vir Jesus hier op die aarde kan doen. Hy spandeer sy tyd om met God te praat en na God te luister. Die nuwe

lewe van die nuwe mens word **gekenmerk deur** die ewige lewe wat hy uit sy Vader se hand ontvang, deur genade. Verder deur die Heilige Gees in sy lewe. Dan ook nog blydschap, redding, vrede, hoop, sinvinding, nuwe denke, liefde, selfverloëning, kruisdra, oorgee, afhanklikheid, om niks in die wêreld te wees en om alles van God, in die toekomstige bedeling te ontvang. Hy verloën homself en dit wat die aardse liggaam begeer. Hy stel hom in op die geestelike. Vir hom het die hoogste doel geword om God te eer, Sy koninkryk te laat kom en om te doen wat God van hom vra.

Om vir 'n wyle terug te beweeg na die Ou Testamentmens toe. Hierdie mens het voorspoed gedefinieer in terme van materiële dinge. Die Ou Testamentmens was voorspoedig indien hy ryk was aan aardse besittings. Indien sy baie kinders gehad het, was die vrou van die Ou Testament voorspoedig. Mense het as deel van voorspoed 'n lang lewe gehad, hulle was gesond, hulle het hulle vyande uitgewis. Daar was genoeg reën en die mense het goeie oeste ingesamel.

Begorat: Eersgeborene.

Teenoor die Ou Testamentmens staan die Nuwe Testamentmens. Dit is die mens vir wie die geestelike aspekte van die lewe, sin en betekenis gee aan die lewe. Vir hierdie mens is geld en goed nie belangrik nie. Dink in hierdie verband aan haas elke geestelike leier die afgelope 2000 jaar: Jesus, Paulus, die dissipels van Jesus, mense soos Hudson Taylor en broer Yun. Die eerste bekeerdes na die uitstorting van die Heilige Gees, het al hulle eiendom verkoop, die geld onder mekaar verdeel soos die behoeftes van die medemens bepaal het (Hand 4:32). Dink aan die baie voorbeelde van Jesus se uitsprake oor geld: Die jongman wat ryk was en aangesê is om alles te verkoop, die geld vir die armes te gee en Jesus te kom volg (Lukas 18:20). Selfs Saggeüs het, glo ek, maar min oorgehad van sy rykdom nadat hy almal wat hy ingeloop het viervoudig vergoed het (Lukas 19:8).

Armoede is die een finansiële toestand wat dwarsdeur die Bybel besondere prominensie beleef. God openbaar 'n besondere deernis vir arm, behoeftige mense. Groot straf word aangekondig vir die wat die armes uitbuit. Daar word *ook beloning aangekondig vir die wat na die armes omsien*: Spreuke 9:17: *Die wat aan die armes gee, leen aan die Here*. Waarom is die armes vir God so belangrik? Die wese van die arm mens is afhanklikheid. Dit is die teenoorgestelde van selfgenoegsaamheid. Die arm mens het nie eintlik nodig om homself nog te verloën nie. Hy is in sy bestaan reeds gereduseer, verneder, oorgegee aan ander

se genade. Met ander woorde, die arm mens se geestesinstelling is reeds reg om te ontvang. Indien ons wat ryk is, nie tot hierdie afhanklike selfverloënde gesindheid kom nie, kan ons nie die rykdom van God se genade vat en aanvaar nie. Die arm mens is reeds gereed om die fase van die Nuwe Testamentmens te betree. Die fisiese materiële wêreld hoef nie afgelê te word nie. Hy is reeds sonder die bagasie van materiële besittings.

Die gee van tiendes, soos ons dit in Maleagi aantref, met die belofte van voorspoed indien dit gedoen word, is tipies Ou Testament. In die Ou Testament het God vir tiendes gevra. Een tiende van jou inkomste vir God sou materiële seën vir jou bring. Nege tiendes was vir jou eie gebruik. So ook was die lewe van die Ou Testamentmens: Nege tiendes toegewy aan die fisiese, konkrete, die materiële, en een tiende aan die geestelike aspekte van sy lewe. So probeer baie hedendaagse Christene ook die voorspoedsteologie uitleef. Jesus vra van die Nuwe Testamentmens egter iets heel anders as tiendes. **Hy vra alles** van die mens wat Hom kies. Niks behoort meer aan die Nuwetestamentchristen nie. Alles is God s'n. Ons is maar net *bywoners* hier op aarde wat vir 'n kort tydjie van die dinge van die aarde gebruik en toegelaat word om sekere besittings te administreer en te beheer. Dan beweeg ons aan na ons ewige woning toe waar die skat van God se teenwoordigheid vir ons wag.

Bedeja: Dienaar van Jahwe.

Ons kom nou by die groot leuen van satan, in ons moderne tyd. Iewers langs die pad het hy dit reggekry om die mens te laat glo dat die voorspoed van die Nuwe Testamentmens nog steeds materieel van aard is. So vind ons dit onder baie gelowiges dat die strewe na aardse rykdom nog steeds deel van hulle lewens is. Baie predikers werk mee aan hierdie verleiding. Subtiel word aan die mense materiële voorspoed voorgehou, indien hulle so en so te werk sou gaan. Daar word ook dikwels verkondig dat daar niks mee verkeerd is om ryk te wees nie. Daar is seker niks daarmee verkeerd nie, indien jy bereid is om, soos Jesus voorgestel het, dit met die armes te deel. Baie leraars is vandag materieel welaf. Hulle verdien bogemiddelde salarisse, ry bogemiddelde karre en bly in bogemiddelde wonings. Indien ons egter gaan kyk na die leefstyl van miljoene nuwe bekeerlinge en hulle geestelike leiers, in lande waar daar nie veel godsdiensvryheid bestaan nie, sien ons 'n heel ander prentjie. Hier gaan die geestelike kerk sterk vorentoe, maar die gelowiges en veral hulle leiers, sukkel om materieel te oorleef. In die weste vind ons meestal die teenoorgestelde; die kerk sukkel terwyl die gelowiges materieel floreer. Dit lyk of die moderne Christen graag die Ou Testamentiese leefstyl ten opsigte van materiële dinge wil handhaaf, maar aan die anderkant ook graag geestelik wil floreer. Jesus het

uitdruklik vir ons gesê dat dit onmoontlik is om twee gode te dien. Jy kan nie God en Mammom dien nie (Lukas 16:13).

Die Nuwe Testamentmens verskil van die Ou Testamentmens, nie net ten opsigte van die materiële ingesteldheid nie. Dink aan die rol wat lyding speel in hierdie twee groepe mense se lewens. Vir die Ou Testamentmens moes lyding ten alle koste vermy word. Dit het met die mens regtig sleg gegaan wanneer hy gely het. Die Nuwe Testamentmens word aangemoedig om anders na lyding te kyk. *Wanneer ons ly, kry ons deel aan Christus se lyding.* Ons word soos Hy. Ons is ook nie groter as Hy nie. Daarom het Hy *ons gewaarsku dat ons lyding, soos Hy dit ervaar het, moet verwag.* Lyding word dan eer vir die mens omdat hy so deel kry aan sy Heiland. Paulus het God gevra om hom die lyding van die doring is sy vlees te spaar. *God het verkies dat Paulus moes ly want dit het hom meer afhanklik van God gemaak* (2 Kor. 12:7). Petrus skryf baie oor die sinvolheid van lyding soos in 1 Petrus 4:12

My liewe vriende, as dit so swaar met julle gaan dat julle dit byna nie meer kan uithou nie, moenie daaruit aflei dat julle godsdiens daarmee heen is nie. Christene moet ook swaarkry. Dink maar aan Jesus. Hy het baie swaargekry. Julle moet eerder bly en opgewonde wees as julle soos Hy is, al is dit ook dat julle soos Hy kan swaarkry omdat julle Christene is.

Die hoogste vorm van lyding is om gekruisig te word. Wat beteken dit om gekruisig te word? Wat het Jesus aan die kruis ervaar? Was dit rykdom,

gesondheid, genot, plesier, vryheid van lyding? Wat wil die Nuwe Testamentmens ervaar wanneer hy homself kruisig? Kan dit wees dat satan 'n mens so kan bedrieg sodat hy kan glo dat wanneer hy homself kruisig om een met Jesus te wees, hy ryk, gesond, voorspoedig, vetgevoer en oorgegee aan plesier soos sport en musiek kan wees. Kan die Nuwe Testamentmens so deel kry aan Christus se lyding? **'n Duisendmaal nee.** Gaan kyk na die lewens van gelowiges wat vir ons opgeteken is in die Nuwe Testament. Jy sal eerder Jesus se lyding daar sien as die valse voorspoedsteologie van ons dag.

Ook ten opsigte van lyding soos met welvaart, het satan dit reggekry om die moderne Christen te bedrieg. Dikwels word dit aangehaal dat dit met die Christen voorspoedig moet gaan, dat hy gesond en welaf sal wees. Voorspoed vir die Nuwe Testamentchristen beteken iets heel anders as vir die ongelowige en die Ou Testamentmens. Wanneer die moderne Christen arm is, siek en in ellende is, ly en pyn verduur kan dit geestelike voorspoed beteken wanneer Christus se koninkryk in hierdie omstandighede floreer. Dink aan die verhaal van die ellendige Lazarus, wat by die stadspoort in sy ellende, siekte en armoede gelê het. *Toe hy in die hemel opgeneem is, is verklaar dat hy op die aarde sy lyding gehad het en nou in die vreugde van die Here kan ingaan (Lukas 16:25).* Indien ons nie kan arm word in onself nie, nie met die ellendiges kan identifiseer nie, nie met die siekes in empatie kan saambeweeg nie, sal ons die pad van die ryk man loop wat in die hiernamaals ontdek het hoe arm hy eintlik is.

Die Nuwe Testamentsmens leef reeds in 'n geestelike dimensie. Die ou dinge het verbygegaan, *alles het reeds nuut geword* (2 Kor. 5:17). Ons oë is nie meer gevestig op dit wat ons in ons kortstondige tyd hier op die aarde beleef nie. Hierdie lewe was maar net 'n kort pynlike deurgang na die ewigheid toe. Ons oë begin reeds vir Jesus sien. *Ons begin al die ander gelowiges, wat ons vooruitgegaan het, sien* (Hebr. 12:1). Dit is hulle wat ons aanmoedig om die lewenswedloop eervol te voltooi. Ons is besig om die laaste stukke van die ou wêreldkleed af te gooi en ons is reeds besig om die mooi klere van die bruid aan te trek.

Halleluja!

Benino: Ons seun, nageslag.

Vir die meeste mense is die enigste werklikheid, die een wat deur sy sintuie vir hom ontsluit word. Dit wat hy kan sien, hoor, voel en aanraak is vir hom of haar die werklikheid. Binne hierdie werklikheid lewe hy of sy 70 of 80 jaar gou af. Dan kom die ontugtering; dit wat hy gedink het die werklikheid is, is skielik nie meer nie. Die ware werklikheid het aangebreek. Geseënd en gelukkig is die mens wat in die na-doodse werklikheid vind dat die werklikheid wat hy op aarde geken het, eintlik maar net voortgaan. Wat 'n verskriklike ontugtering moet dit nie wees vir die mens wat sy of haar oë in die ewigheid open, en 'n werklikheid ontdek wat hulle tydens hulle aardse bestaan ontken of geminag het. Hoe kan 'n mens tydens sy aardse omwandeling reeds van die ware werklikheid, wat na die dood gaan voortduur, bewus word?

1. Tydens jou aardse omwandeling sal jy reeds gewoon moet word om die nuwe klere wat jy in die hemel gaan dra, aan te trek. Omdat jou ontmoeting met Jesus na jou dood met 'n bruilofsfees vergelyk word, sal jy die bruilofskleed moet aanhê. Hierdie bruilofskleed het alles met die voortreflike lewe hier op aarde te make. Dit is waarna Openbaring 19: 7 en 8 verwys.

2. Jy gaan in 'n nuwe woning intrek in die hemel. Jesus belowe sy kinders dat Hy *voortgaan om vir hulle 'n woning voor te berei* (Joh. 14:2). Omdat hierdie woning die permanente woning van die mens, vir die res van die ewigheid sal

wees, word ons aardse inwoning, in ons sterflike liggame, met 'n tydelike tentwoning vergelyk (2 Petr. 1:13). Hierdie aardse inwoning is baie tydelik en van korte duur. Sommige beskou dit in dieselfde sin as 'n oornaghut van 'n stapper. Die Bybel verwys daarna as 'n bywonersbestaan in 'n bywonershuisie. Jou bewustheid van die tydelikheid van die aardse woning sal jou kan help om voor te berei vir die permanente woning wat vir jou wag.

3. Ter voorbereiding van jou nuwe werklikheid na die dood moet 'n mens reeds hier op die aarde nuut gemaak word. Dit beteken dat die mens onder andere nuut moet begin dink; met Jesus se gedagtes moet begin dink. Verder beteken dit dat 'n mens nuut sal moet begin kyk en hoor, die oog gevestig op Jesus; met Jesus se liefdevolle oë moet kyk en met Sy empatiese oor sal moet hoor. Jou hande sal nuwe dinge begin doen; hulle sal soos Jesus se deurboorde hande in liefde dien. Jou voete sal nuwe paaie begin bewandel; soos Jesus se voete Hom tot by die absolute selfverloëning van die kruis op Golgota gebring het. Jy sal 'n nuwe hart ontvang, 'n vleeshart vol erbarming vir ander, in die plek van die ou kliphart wat net op die self gefokus was. Om te toets hoe ver jy reeds op hierdie pad gevorder het kan jy maar net selfondersoek doen deur bewus te word **van waarna jy graag kyk, waarna jy graag luister, waarmee jou hande besig bly, waarheen jou voete jou dra, wat jou belangstellings en jou passies in die lewe is, waarvoor jy 'n sagte hart het.**

4. Die **nuwe skat** wat die mens ontvang, is seker die kosbaarste. Van alles wat die wêreld jou kan aanbied, sal niks kan opweeg teen die skat wat jy, reeds hier op aarde, in besit kan neem nie. Hierdie skat is die beleving van die werklikheid van die skat van die **ewige lewe**. Die skat van die ewige lewe is egter maar net die geskenkpapier waarin die werklik skat toegedraai is. **Die ware skat is Jesus, Christus, die Seun van God.** Om te dink dat jy hierdie skat gratis, deur die soenverdienste van Jeshua, ons Redder, van ons Vader ontvang.

Oppas vir die leuen van satan, wat die werklikheid van die aardse bestaan misbruik, om jou bewuswording van die ware werklikheid van die ewige lewe by Jeshua, van jou af weg te steel.

20 Desember

Oersonde

(Genesis 3)

Benjamin: Gelukskind.

Wat is die oersonde van die mens? Wat is die eerste, basiese sonde wat die mens gedoen het? Dalk was dit ongehoorsaamheid. Dit wil egter voorkom of die oersonde, die basiese sonde waaruit bykans al die ander sondes gevloei het, die **mens se opstand teen God was**. Die mens het van **homself bewus** geword in sy gesprekvoering met satan. Uit hierdie selfbewustheid het satan aan die mens die moontlikheid voorgehou om soos **God kan wees**. Die uiteinde van die moontlikheid om soos God te kan wees, is dat die mens gevoel het dat in sy gelykstelling met God, hy **God nie meer nodig het nie**. Hy kon nou sommer self **sy eie god word**. Sedert die oersonde is die mens nog steeds besig om homself te ontdek, te aktualiseer, te bevredig, te verhoog en te vergoddelik. **Die natuurlike mens is nog steeds besig om sy eie god te probeer word.**

In die mens se strewe om sy eie god te wees, onafhanklik van God, moet die mens homself ophef. Sekere groothede soos die mens dit in homself ontdek, moet meer en meer versterk word om die mens se eie selfgesentreerde godsbeeld op te bou. Die satan werk ywerig hiermee saam. Deur die mens se identifikasie met hierdie groothede binne in homself, soos sy onbeperkte verstand, sy vermoë om tegnologiese vaardighede te ontwikkel, sy wetenskaplike prestasies, voel hy soos 'n god. Kom ons kyk na enkele van hierdie groothede:

1. Die grootheid van die lewe.

Die natuurlike mens probeer maksimaal uitwring uit die lewe alles wat hy kan, in die ongeveer 70 jaar wat hy lewe. Die lewe is groot, die lewe is alles. Die lewe is vir die mens. So lyk dit vir die natuurlike mens of die lewe lank is, vir homself geskep is en om homself draai. Hy besef nie dat die natuurlike lewe, van ongeveer 70 jaar, nie eers 'n sandkorrel in die woestyn van die ewigheid is nie. Hy neem ook nie in ag dat die lewe van 'n mens, in die Bybel, met 'n plant vergelyk word nie; *'n plantjie wat in die oggend begin groei en dan deur die dag begin verwelk* (Ps.37:2). Die lewe word in die Bybel gelykgestel met *'n vlietende gedagte* (Ps.90:9). Die tydelikheid van die mens se lewe is na die sondeval bepaal, toe God van die mens verklaar het dat hy *vanweë sy sondeval gaan sterf* (Gen. 2:17). Die grootheid van die lewe word deur Paulus in die lig van die ewige heerlikheid na die dood van 'n mens gesien. Hy verklaar *dat die lewe vir hom Christus is en dat die sterwe vir hom wins is* (Fil. 1:21). Prediker verklaar van die lewe dat dit *'n gejaag na wind is, vol moeite en verdriet en dat hy dit moeilik vind om sin in die lewe te vind* (Prediker 5:15).

2. Kennis is mag.

Tans word kennis elke 2 jaar verdubbel (2014) Na verwagting sal in 2017 kennis elke 2 weke verdubbel. Dan sal die mens se grootste taak wees om kennis wat beskikbaar is, te ontsluit. Die moderne mens glo gewoonlik dat kennis en wysheid dieselfde ding is. Kennis word deur die moderne mens as een van die groothede

van die lewe aanvaar. Die mens wat bewys van sy kennis kan lewer deur 'n graad of 'n diploma te bekom, word beloon deur eer, 'n goeie betrekking of deur salarisverhogings. Hierteenoor sê die skrywer van die boek Prediker dat *te veel studie 'n vermoeiing van die vlees is (Prediker 12:12), en dat aan die maak van boeke nooit 'n einde kom nie*. Verder sê Salomo dat *iemand wat vaardig in sy werk is (en nie noodwendig volgeprop is van feite nie) voor konings kan staan (Spreuke 22:29)*. Die grootheid van kennis word in die sekulêre wêreld dilwels met 'n titel beloon. Die Bybel sê moenie jou Rabbi laat noem nie. Jesus was tevrede om maar net met 'n eienaam, 'n baie algemene eienaam, aangedui te word, Hy die Alwyse wat alles ken. Die tegnologie ontsluit daaglik meer kennis vir die mens op meer effektiewe maniere. Die mens wat die tegnologie van kennisontsluiting kan gebruik voel meer in beheer, asof hyself die kennis het. Die ekstensiteit van die mens, die kennis, mag die mens laat voel of hy en sy ekstensiteit een is. So word 'n monster van eie grootheid vir die mens geskep. Die internet poel bykans alle menslike kennis. Dit is soos 'n moderne Toring van Babel wat God na Sy troon probeer steek. Aan hierdie toring bou satan ywerig mee.

Ben-Hesed: Seun van Genade.

Geloof, soos Hoop en Liefde, is 'n vorm van selfverloëning. *Hoe kan ek op Iemand anders vertrou en in Iemand anders glo, indien ek glo dat ek self kan regkom?*

Indien satan ons geloof kan verwoes, verwoes hy ons Christenskap. Want sonder geloof bly net dooie wetswerke oor.

Ons kan dus aanneem dat ons geloof 'n besondere teikenarea van satan sal wees. Hy weet hy kan nie *by die hek* van waarheid in ons lewens inkom nie, want daar staan Christus (Joh.10:7). So sal hy probeer om op 'n slinkse manier *oor die muur* ons by te kom (Joh. 10:1). Daar is 'n paar sulke plekke in ons muur van Goddelike beskerming wat besonderlik deur satan geteiken word. Van hierdie plekke kan die volgende genoem word:

1. **Verbittering.** Indien satan ons sover kan kry om verbitterd te raak word ons geloof grootliks ondermyn. Jy kan nie glo en verbitterd wees nie.
2. **Onvergewensgesindheid.** Jesus sê self dat indien ons nie bereid is om die te vergewe wat kwaad aan ons gedoen het nie, ons nie kan hoop op vergifnis van ons Vader nie. *Geloof sal dus tevergeefs wees, onmoontlik wees, solank ons nie kan vergewe nie* (Mat.6:14).

3. **Haat vir vyande.** Ons moet ons vyande liefhê. Dit wil sê almal wat slegte dinge aan ons doen, soos die wat ons roof, verkrag, moor en martel. Dit sê nie ons moet God se vyande liefhê nie.

Ons kan hierdie lysie baie langer maak, maar kom ons staan vir so 'n rukkie by hierdie paar dinge stil.

Hierdie dinge kan ons geloof vernietig. Waarom sal ons dan doelbewus kies om ons aan hierdie dinge bloot te stel? Elke keer wanneer ek 'n koerant opneem, of nuus luister, of televisie kyk, word ek met hierdie dinge gekonfronteer. Dan moet ek dit verwerk. Ek moet dit so verwerk dat wanneer ek klaar gekyk en geluister het ek nog **sonder verbittering** kan wees, ek nog kan **vergewe**, ek nog kan **liefhê en God nog met my lewe kan vertrou.**

Vandag sal daar 50 moorde in Suid Afrika plaasvind en baie weeskinders sal by grafte huil. Daar sal 22 mense selfmoord pleeg vanweë totale lewensmoegheid en 220 sal probeer selfmoord pleeg. Duisende gaan besteel en geroof word en in die proses ontsettende skade aangedoen word. Ou mense gaan gemartel en verkrag word. Daar gaan vandag 30 mense op ons paaie sterf in die grusaamste ongelukke, veroorsaak deur ander mense se onbesonne optrede. Verder gaan 1400 mense aan vigsverwante siektes sterwe nadat hulle jare lank ontsettende pyn verduur het.

WATTER GELOWIGE KAN HOMSELF AAN HIERDIE DINGE VANDAG BLOOTSTEL, DIT VERWERK, NOG STEEDS SONDER VERBITTERING WEES, NET AANHOU VERGEWE, DIE SKELMS EN

**DIE MOORDENAARS LIEFHÊ EN SO NOG SY GELOOF BEHOU? WIE
HET SOVEEL GELOOF?**

Laat jou mate van geloof, bepaal tot hoe 'n mate jy jou met hierdie dinge gaan besig hou en hoe jy jou aan hierdie inligting gaan blootstel.

Is dit nie beter om 'n ding soos die volgende te bedink en te bestudeer nie?

**VANDAG GAAN DAAR IN AFRIKA ALLEEN 20,000 SIELE VIR GOD
SE KONINKRYK INKOM.**

Betlehem: Broodhuis.

God het jou baie lief. Indien jy dit kan glo, Sy liefde vir jou aanvaar, en dit vir jouself toeëien, kan jy Sy liefde in jou ontvang. Dit wil sê indien jy kan glo dat Hy in Sy groot liefde vir jou sondes aan die kruis geboet, en volkome daarvoor betaal het. Dan kan jy uit daardie liefde van Hom vir jou, iets begin teruggee. Daar sal ook genoeg liefde in jou wees om ook van hierdie liefde op die mense om jou uit te stort. Soos jy Sy liefde begin weggee sal daar net meer en meer liefde in jou invloei. Daar sal selfs genoeg liefde in jou wees om jouself te vul met 'n motivering tot ewige goedheid, welwillendheid, vergifnis en deernis vir ander. Sy liefde sal jou dring tot die goeie. Al wat jy moet doen is om te glo dat Hy jou waarlik liefhet en om daardie liefde vir jouself te aanvaar.

Sy liefde vir jou het 'n Naam. Die Naam van God se liefde vir jou is Jesus. Hy wat jou Redder, Verlosser en Heil is. Dank God prakties vir Sy liefde deur 'n oop kanaal te wees waardeur Sy liefde kan vloei. Dank Hom tot in alle ewigheid met jou liefde wat jy uit Sy hand ontvang het. Hierdie liefde is die eerste happie van die vrug van Sy Heilige Gees wat in jou kom woon het. Uit hierdie liefde as eerste deel van die vrug van die Heilige Gees is, kom daar dan ook vrede en vreugde, nog heerlike happies van hierdie Vrug.

Wat maak dat ek en jy nie hierdie heerlike vrug van liefde uit Sy hand wil neem en dit ons eie maak nie?

In Jeremia 15:19 staan in die Amplified Bible die volgende opgeteken ten opsigte van hierdie saak:

*If you return (and give up this **mistaken tone of distrust and despair**) then I will give you again a settled place of quiet and safety, and you will be my minister; and if you separate the precious from the vile (cleansing your own heart from unworthy and **unwarranted suspicions concerning God`s faithfulness**) , you shall be my mouthpiece.*

Om ‘n bruikbare instrument in God se hande te wees, ook ter wille van Sy liefde, is dit nodig om God onvoorwaardelik, kinderlik, te vertrou. Ons sal moet wegkom *van mistaken distrust and despair en van unwarranted suspicions concerning God`s faithfulness.*

Waarom is ons geneig om God nie ten volle te vertrou nie? Waarom is dit soms so moeilik om God ten volle, kinderlik op Sy Woord te neem en te weet dat wat Hy sê waar is?

Dalk is die antwoord gedeeltelik te vinde in ons harte wat hard geword het. Daar is dalk ‘n kors, ‘n roof om ons harte gevorm. Dalk het die kors en roof iets te make met wonde wat ek langs die lewenspad opgedoen het toe ander my seer gemaak het of teleurgestel het. Iewers langs die lewenspad het ek dalk in sinisme, my vermoë om te vertrou, verloor. Lewensverwonding het dalk tot hierdie kors en roof bygedra. Is dit regverdig en nodig om God onder dieselfde kam te skeer as die wat tot jou verharding en verbittering en wantroue aanleiding gegee het?

Hy was tog nog altyd getrou. Hy het nog nooit vir jou gejoj nie. Hy was nog altyd vir jou daar. Alles wat Hy gesê het, het waar geword.

Waarom sal jy die seën van Sy liefde misloop net omdat jy volhard in “mistaken distrust” en “unwarranted suspicions concerning God’s faithfulness?”

Is dit nie beter om dinge soos die volgende te bedink en te bestudeer nie?

VANDAG GAAN DAAR IN AFRIKA ALLEEN 20,000 SIELE VIR GOD SE KONINKRYK INKOM.

Bet-Nimra: Plek van helder water.

Daar is seker nie een gelowige wat nog nie met hierdie kwessie geworstel het nie. Hoe weet 'n mens dat jy binne God se wil is? Hoe weet jy of dit, wat jy kies, die optrede is wat God vir jou in gedagte het. Dikwels moet 'n mens een van twee of meer opsies oorweeg; moet ek bly of moet ek gaan, moet dit hierdie een of daardie een wees, moet ek nou koop of moet ek nie, moet ek verkoop of moet ek nie, moet ek van werk verander of moet ek nie, moet ek nou daardie motor koop of moet ek wag? So kan 'n mens aangaan en iewers sal iemand met een van hierdie keuses kan identifiseer. Nou hoe weet ek dan wat God se wil in 'n saak is?

Indien dit maklik sou wees om hierdie vraag te beantwoord sou hierdie vraag nooit 'n kwessie geword het nie. Om die waarheid te sê dit is 'n eenvoudige vraag met 'n heel komplekse antwoord. Om hierdie vraag te kan beantwoord moet daar eers na 'n paar sake om hierdie vraag gekyk word. In hierdie verband is die volgende kwessies belangrik:

1. **God openbaar Sy algemene wil** aan ons op baie plekke in die Bybel. So weet ons dat dit God se wil is dat ons *Sy gebooie moet onderhou* (Eksodus 20). Alles waarin vir ons 'n keuse opgesluit is, sal dus heel eerste aan hierdie beginsel getoets moet word. **Is dit wat ek oorweeg, binne die raamwerk van my absolute liefde vir God en my medemens?** Is dit wat ek oorweeg binne die raamwerk van God se eis

dat dit nie 'n **afgod** moet wees nie? Met ander woorde het dit wat ek oorweeg, 'n groter prioriteit, 'n groter vreugde vir my, 'n groter belangstelling as God, 'n groter passie as God, in my lewe? Indien ons met hierdie twee beginsels ten opsigte van ons keuses gehandel het kan ons na die volgende algemene beginsel ten opsigte van God se wil begin kyk. God leer ons dat ons **vergenoegd** moet wees met wat ons het (Fil.4:11). Dit is Sy wil. Indien ons hierdie drie beginsels, wat sover genoem is ten opsigte van God se algemene wil, in ons lewens begin toepas sal daar alreeds baie keuseprobleme uitgeskakel word. Kom ons vat net saam: *Is dit wat ek oorweeg uit liefde vir Jesus en my medemens. Kan ek my liefde vir God en my medemens met my keuse versoen? Is daar binne wat ek oorweeg, die moontlikheid dat dit 'n afgod kan word vir my? Is ek vergenoeg met wat ek het? Of is dit wat ek wil hê uit my eie selfsugtige begeertes gebore?*

2. God maak verskeie interessante uitsprake oor wat Hy wil vir ons lewens. Dink in hierdie verband aan Jeremia 29: 11: *Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting! Dan sal julle My aanroep en tot My kom bid, en Ek sal julle gebede verhoor. Julle sal vra na My wil en julle sal dan My wil ken as julle met julle hele hart daarna vra.* God praat hier met Israel wat weggevoer is na Babel toe omdat hulle nie die Here se wet nagekom het nie, Hom nie bo al die afgode vereer het nie en

gekies het om te doen wat hulle wil. Hulle is nou in Babel en ontvang die belofte dat God oor sewentig jaar hulle van hulle ballingskap sal bevry en dan hierdie wonderlike dinge vir hulle sal doen. Indien ons dus soos die belofte aan Israel, volgens **God se wil handel, en Hom bo alles eer en dien, en met erns ons probleme, ook ons keuseprobleme, voor Hom bring, belowe Hy dat Hy ons Sy wil sal leer ken.**

Bet-San: Rusplek.

3. In die derde bede van die Onse Vader leer Jesus ons om soos volg van ons Vader te vra:

Laat U wil geskied soos in die Hemel so ook op die aarde (Mat.6:9).

Hierdie bede vra dat God in Sy soewereiniteit en almag volgens Sy beste wete moet optree, ook met ons. Met hierdie **gebed onderwerp ons**, ons aan Hom. Ons aanvaar hierdeur dat Hy die beste weet, dat ons gaan berus by dit wat Hy vir ons lewens in gedagte het. Deur hierdie bede gee ons, **ons lot oor in Sy hande**. Ons vertrou Hom dat Hy die beste weet en die beste met ons laat gebeur.

Teen hierdie agtergrond is dit dan eintlik in 'n sekere sin ongelowig om te vra en te vra en te vra na God se wil. Ons wil so graag hê Hy moet vir *ons* wys wat ons moet *doen* terwyl dit eintlik **Hy is wat doen volgens Sy keuse in ons lewens soos Hy wil**. Ons lot is in Sy hande. Eintlik moet daar by ons 'n groot stuk berusting wees in dit wat Hy vir ons beplan en wat Hy met ons laat gebeur op die aarde. **Dit gaan dus eerste oor wat God wil en nie wat ons wil nie**. Selfs die keuses waarvoor ons te staan kom het dikwels niks met God se wil te make nie. Sê nou maar ek vra God om my te help met die keuse tussen twee voertuie. Dalk wil God glad nie hê dat ek 'n voertuig moet koop nie. Die keuse van 'n

voertuig het dan niks met Sy wil in ons lewens te make nie. Dalk is ‘n goeie leidraad weer die van: *Het ek dit wat ek nou wil doen nodig in my lewe of gaan dit oor my begeertes?*

4. In noue aansluiting met hierdie gedagtes gaan dit dan ook oor **geloof**. Die geloof wat lei tot ‘n intieme verhouding met God, ‘n wandel met God in alles. Lank voordat by die keuse van ‘n voertuig uitgekom is, sou God in bogenoemde geval jou al oortuig het ten opsigte van die wenslikheid al dan nie van die koop van ‘n voertuig. Hoe meer jy in geloof met God wandel hoe makliker sal dit wees om die wil van God in sake te onderskei. ‘n Prediker sê *dat om met God te wandel beteken dat Hy in die middelpunt van alles geplaas moet word. Let wel God en nie onself nie.*
5. God dui vir ons die regte pad aan, wanneer en hoe, dit Sy wil is. Hy sal, indien jy Hom **gelowig vertrou**, en aan die bogenoemde vereistes voldoen, **deure vir jou oopmaak en toesluit** volgens Sy wil vir jou lewe. Hoeveel keer het jy nie al aan ‘n deur gestaan en pluk nie, totdat die deur oopgegaan het, net om later agter te kom dat jy nie in God se wil was nie? Nee, wanneer jy in God se wil is, kom Sy wil as’tware na jou toe aangestap. Jy hoef dit nie te gaan soek nie. Hy lei saggies en met oortuiging.

6. **Het jy die vrede van God in jou hart nadat jy oor iets besluit het?**

In die Amplified Bible (Kol.3: 15) staan die volgende vir ons opgeteken:

And let the peace (soul harmony which comes) from Christ rule (act as umpire continually) in your hearts (deciding and settling with finality) all questions that arise in your minds. Hierdie toets vir God se wil in ons lewens is uiters belangrik. Hier is dit nodig dat jy met jouself baie eerlik moet wees. Moenie aanhou soek na vrede, indien jy dit nie in dit wat jy kies, ervaar nie. **Moenie aanhou probeer om God se arm te draai om jou vrede te gee indien jou besluite nie Sy seën en Sy vrede geniet**

Bet-Gilgal: Huis van Verlossing.

7. God sal nie vir jou iets wil gee of doen, indien Hy dit nie vir jou uit die **Skrif bevestig** nie. Hier is dit nodig dat jy baie eerlik met jouself en God moet omgaan. Vir haas enigiets kan daar ondersteuning of afwysing in die Bybel gevind word, indien jy net bereid is om hard genoeg daarvoor te soek en te wag op 'n antwoord.

Wanneer jy biddend in die Bybel God se wil soek, moet jy aanvaar wat Hy vir vir jou sê, al verskil dit van wat jy wil hoor.

8. **Gelowiges** in wie jy vertrou het, en met wie jy die vrymoedigheid het om oor hierdie saak mee te kan gesels, kan ook vir jou helderheid bring oor jou keuses. Jy moet net baie versigtig te werk gaan en by die regte mense raad vra. In 1 Konings 12: 8 staan die volgende van Rehabeam, seun van Salomo opgeteken:

Maar hy het die raad wat die ouer mense hom gegee het in die wind geslaan en die raad gevra van die jonger manne wat saam met hom grootgeword het en in sy diens was. Ons weet wat die katastrofiese gevolge van hierdie raad was.

- 9 .Onderwerping aan God se wil het met die vervulling met Sy Gees

te make. Volgens Gal. 5: 16. moet jy God se Gees toelaat om jou te lei, te beheer en te bestuur. Hier is sprake van onderwerping en oorgawe ook aan die wil van God se Gees in jou lewe.

Dalk sal jy met hierdie enkele riglyne in die toekoms nader kan kom om die moeilike vraag te beantwoord: *Wat is God se wil in hierdie saak?*

Wanneer ek my wil voor God se wil buig, sal God so in my werk dat ek sal wil om Sy wil te wil. Dus sal selfverloëning, die opgee van my eie wil, as voorwaarde geld om Sy wil te ken. Laat God dan toe om alles te wees en alles wat Hy vir jou wil tot uitvoering te bring. Verloën jou wil. Wanneer jy alles aan God oorgee en Hom toelaat om Sy wil met jou te doen **Dan is vertrou op Sy wil in jou lewe belangriker as om te weet wat Hy wil.**

Vir 'n mens se soeke na God se wil, kan soos in baie ander sake, maar terugkeer word na die Onse Vader gebed se sewe bedes. In hierdie verband kan die mens elke keer wanneer hy God se wil soek die volgende sewe vrae vra:

1. Hoe is dit hier gestel met **God se eer**. Sal hierdie keuse eer aan God bring?
2. Gaan my keuse dien om **Sy koninkryk** uit te brei en koninkrykswerk bevorder?
3. Is dit wat ek doen volgens God se **liefdeswil**? Gaan dit die belange van my medemens dien?
4. Is dit wat ek kies volgens wat ek nodig het, soos die **nodigheid** om vandag te kan eet, of gaan dit meer oor **begeerlikheid**?

5. Hoe gaan hierdie keuse sonde in my lewe affekteer? Gaan hierdie ding, wat ek kies, nie dalk 'n **afgod** in my lewe word nie?
6. Gaan hierdie ding wat ek kies my nie dalk in **versoekings** bring nie?
7. Dan weer ten slotte: Is hierdie ding werklik tot **God** se eer of gaan dit oor my eer, my **selfsug**, my gerief en my status?

Nadat hierdie vrae gevra is behoort daar al baie duidelikheid ten opsigte van God se wil te wees. Indien die keuse nog onseker is, gee die saak aan Hom oor en vertrou Hom vir 'n antwoord. **Wag.**

In 2 Kronieke 1: 11 kom die mens in 'n unieke situasie te staan. Dit is een van die min plekke in die Bybel waar 'n mens die geleentheid van God ontvang om enigiets volgens die mens se wil te vra. Salomo word deur God so begenadig. *Hy vra dat God vir hom wysheid moet gee sodat hy goed en regverdig oor God se volk sal kan regeer.* Hier openbaar Salomo alreeds sy wysheid wanneer hy grootliks volgens die kriteria van die Onse Vadergebed God se wil soek.

Hy vra wysheid sodat hy die volk so sal regeer dat God eer sal ontvang.

Hy soek daarna dat dit goed sal gaan met God se volk.

Hy soek God se wil en regverdigheid in regspraak.

Hy soek nie sy eie belang nie.

Hy vra God om die volk so te lei in wysheid dat hy die volk nie sal laat struikel en sal laat sondig nie.

Hy voorsien dat daar versoekings wag vir die volk en vra dat God hom so sal seën met wysheid dat hy nie vir die volk verkeerd sal lei nie.

Hy gee deurentyd aan God die eer en erken sy afhanklikheid. Hy buig sy wil voor God se wil

Sterkte en seën. Mag jy God se wil vir jou lewe ontdek.

Ben-Oni: Seun van my smart.

Nul is nul of niks. Wanneer daar ‘n *on-* vooraf is, soos in hierdie geval, beteken dit dat dit wat niks is nog minder as niks is. So is dit ten opsigte van die mens se lewe. Dit is ‘n onbenulligheid. Sewentig of tagtig jaar mag lank voel, maar eintlik is dit ‘n illusie. Dit voel of dit lank is maar relatief is dit ‘n onbenulligheid. Om die lewe van 70 jaar te kan interpreteer moet dit in konteks gesien word. Die konteks van ‘n lewe van 70 jaar moet binne die konteks van die voorafgaande en dit wat volg gesien word. Die lewe van 70 jaar moet dus in die konteks van die ewige lewe beoordeel word. Eintlik is die werklikheid, nie die van tyd nie, maar die van tydloosheid. Kom ons volstaan met die Goddelike begrip van die ewigheid. Dit sal vir altyd wees, dit sal nooit stop nie, dit hou net aan en aan. Die menslike lewe van 70 jaar kan soos volg in konteks geplaas word:

Wat beteken een sekonde uit ‘n **dag** van 24 uur? Is die belewenis van een sekonde se pyn of genot enigsins noemenswaardig wanneer aan die einde van die dag oor die dag se lief en leed besin word? Sal die eensekondepyn of eensekondegenot ooit onthou word? Sal ‘n mens ooit bewus wees van die pyn of genot indien dit vir een sekonde sou aanhou? Kom ons strek die konteks van tyd ‘n bietjie. Wat sou die gewaarwording van die een sekonde se pyn of vreugde wees indien na ‘n **week** oor die week se lief en leed besin word? Sou dit enigsins sinvol gewees

het? Wat sou 'n sekonde se vreugde werd wees indien na 'n **jaar**, die jaar se eensekondebeleving, bedink sou word? Is dit enigsins moontlik om 'n sekonde se vreugde of pyn van die afgelope jaar te onthou? Onmoontlik. Wat sou weer beleef kon word na 'n **honderd jaar** van 'n eensekonde-ervaring, 'n 100 jaar terug? Wat sou 'n sekonde in 'n **duisend jaar** wees, of in 'n **miljoen jaar** of in **miljarde van miljoene jare**. Konteks van tyd vanuit 'n menslike perspektief maak nie sin nie. Soos die Bybel sê: **die werklikheid is Christus**, nie die mens se belewenis van tyd nie.

En tog is die eensekondelewe 'n kosbaarheid. In die eensekonde lewe word bepaal waar die werklikheid van die tydlose ewigheid deurgebring sal word.

Bet-Birai:Huis van vettigheid.

Wat was die mees geseënde oomblik wat jy op hierdie aarde beleef het? Hierdie oomblik sal van alle ander hoogtepunte van jou lewe onderskeibaar wees. Dit sal uitstaan soos een helder baken bokant alle ander bakens. **Hierdie beslissende oomblik sal die oomblik wees wanneer jy bo alle twyfel vir seker sal weet dat jy gered is.** Jy sal weet dat Jesus waarlik die Seun van God is. Dat Hy vir al jou sondes geboet het, dat Hy uit die dood opgestaan het, dat Hy by God is en vir jou intree wanneer jy oortree. Jy sal weet dat jy in Jesus se dood self ook gesterf het en dat jy saam met Hom opgestaan het in 'n nuwe lewe. Jy sal die teenwoordigheid en die liefde van Jesus in jou ervaar. Jy sal as bewys van alles, vrede in jou gemoed hê. Jy sal net weet dat die intieme verhouding wat jy met Jesus ervaar daarop dui dat Hy jou broer en vriend geword het. Jy sal hierdie verhouding met Hom koester en tydig en ontydig geniet.

Het jy al so 'n beslissende oomblik in jou lewe ervaar?

Dit wil voorkom of mense hierdie ervaring baie persoonlik en uniek beleef. Sommige mense ervaar dit reeds wanneer hulle jonk is en vir die eerste keer by die Here uitkom. Sommige ervaar die oomblik intens met hewige emosie, en ander ervaar weer stille vrede. Sommige mense moet lank wag voordat hulle so 'n oomblik ervaar. Daarom kan jy nooit van 'n ander persoon se ervaring gebruik maak as 'n model waarna jy verlang nie. Dit is ook opmerklik dat verskillende

gebeurtenisse en verskillende versies in die Bybel tot hierdie beslissende oomblik aanleiding gee.

Ek weet van 'n persoon wat 'n spesifieke oomblik, naamlik sewe en twintig minute oor agt die oggend van 10 November 2010, kon aandui as die absolute *defining moment* van sy lewe. In sy geval het die lees van 'n spesifieke boek: *Jy kan word wat jy is* van Dr. Arnold Mol en spesifiek een versie uit die Bybel wat in die boek aangehaal word, die deurslag gegee naamlik: Johannes 6: 37: *Elkeen wat die Vader vir My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom nooit verwerp nie*. Die vaste wete by die persoon dat hy al soveel male na Jesus toe gekom het, en Jesus se vaste belofte dat Hy so iemand **nooit sal verwerp nie**, het net die geloofsdeur na die ewige lewe vir die persoon oopgemaak.

Dit was asof die verstopte pyp van aanvaarding, wat verstopt was deur ongeloof, sonde en wat ook nie alles nie, deur die seepsoda van God se Genade oopgebrand is. Die verstopping is verwyder en die persoon het geweet dat hy nou ook die groot skat waarvan Jesus gepraat het, ontvang het.

Hierdie persoon het 21 jaar gelede deur oortuiging hom laat doop. Hy is volgens Romeine 6 in Jesus se dood gedoop, maar hy het nooit waarlik saam met Jesus begin lewe na die dood van die self in die doop nie. Die hele proses het so vir hom duidelik geword: Daar is een plek waar 'n mens nie kan lewe nie, waar die mens nie kan asemhaal nie. Dit is onder die water. So moes hy, die eie ek, die ou self, eers lank onder die water van die doop verdrink het, heeltewel die

lewensasem van die ou mens uitgeblaas het, voordat hy onder die water van die doop kon uitkom, en die eerste teug van die lewegewende lug van die wedergeboorte kon inasem. Soos God in Adam die asem van die lewe geblaas het, het Hy ook by die wedergeboorte die asem van die ewige lewe in die persoon ingeblaas. Toe kon die persoon met ekstase 1 Johannes 5: 10 tot 13 begin leef:

Wie in die Seun van God glo het die getuienis in homself. Hy wat God nie glo nie het, het Hom tot leuenaar gemaak, omdat hy die getuienis nie geglo het wat God aangaande Sy Seun getuig het nie. (11) En dit is die getuienis: dat God ons die ewige lewe gegee het, en die lewe is in Sy Seun. (12) Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie.

*(13) Dit het ek geskrywe aan julle wat glo in die Naam van die Seun van God, sodat **SODAT JULLE KAN WEET dat julle die ewige lewe het en kan glo in die Naam van die Seun van God.***

Indien jy nog nie hierdie wonderlike sekerheid op 'n spesifieke oomblik ervaar het nie, bid ek dat dit wel met jou, wat hierdie gedeelte lees, sal gebeur. Ek bid ook dat God die vrede, wat alleen in 'n egte verhouding met Hom moontlik is, vir jou sal gee.

Betesda: Huis van goedgunstigheid.

Om te verstaan wat met die moderne mens vandag gebeur, is dit nodig dat 'n mens 6000 jaar terug beweeg. So 'n terugbeweeg in die geskiedenis bring ons by die paradysverhaal en meer besonderlik by Eva se gesprek met satan. In die Amplified Bible, Genesis 3: 4 tot 6, word 'n deel van hierdie gesprek soos volg weergegee:

But the serpent said to the woman, You shall not surely die. For God knows that in the day you eat of it your eyes will be opened, and you will be like God, knowing the difference between good and evil and blessing and calamity (Oxford Dictionary: grave disaster, distressed state, meaning: mental pain, severe pressure of want or danger or fatigue).

And when the woman saw that the tree was good (suitable and pleasant) for food and that it was delightful to look at, and a tree to be desired in order to make one wise, she took of its fruit and ate.

'n Mens kan baie lank by hierdie gedeelte vassteek maar kom ons kyk net na 'n paar dinge, uit hierdie gedeelte, wat vir ons huidige tyd betekenis kan hê.

1. Eva word as hulp vir haar man, Adam, gemaak, iemand wat by hom sou pas. Adam is die sentrale figuur. In hierdie verhaal oorreed satan Eva om die sprong te waag, om by Adam as sentrale figuur verby te beweeg

in belangrikheid, en om selfs soos God te kan word. Al wat sy moet doen is om van die verbode vrug te eet. In hierdie belofte van satan word ook ander wonderlikhede aan Eva beloof. Sy sal soos God wees omdat sy alles sal weet (Die Boodskap Gen.3). Eva gee op 'n besondere manier betekenis aan dit wat satan vir haar sê. So dink sy dat sy deur die kennis wat sy sal kry, wys sal word en dan soos God sal wees. Hier begin die mens, om in sy eie oë iemand en iets te word.

2. Satan slaag in sy gesprek met Eva om haar 'n selfbewustheid te gee. Vroëer was Adam en Eva salig onbewus van hulleself en het hulle vir God geleef. In haar gesprek met satan het Eva met iets van die moderne Humanisme begin kennismaak toe sy van haarself en haar eie behoeftes begin bewus word het. Hier was die begin van self (*I, me and myself*), selfbewussyn, selfaktualisering, selfsug, selfbehepthed en selfbevrediging. Die oerwortel van alle sondes word hier gevestig. Eintlik was dit maar net 'n verlengstuk van satan se oersonde, toe hy van homself bewus geword het en in sy selfbewuswording en selfbelang, 'n eie god ontdek het, wat vir hom belangriker as God geword het.
3. In een opsig was satan korrek in sy toekomsvoorspelling vir Eva naamlik dat Eva ook kennis sal opdoen van *calamity*. Sy sou nie net kennis opdoen van calamity nie maar sy sou dit beleef. Die Oxford Dictionary verklaar *calamity as grave disaster, distressed state*.

Distressed state word weer verder verklaar as mental pain, severe pressure of want or danger or fatigue. Hier word die tafel gedek vir sielkundige werk vir die volgende 6000 jaar. Saam met die geestelike dood erf Eva en haar nageslagte ellende, geestelike pyn, spanning, onbevredigde behoeftes, angs, depressie en uitbrandingsindroom.

Bernice: Oorwinning.

- 4 In die verdere verloop van die paradysverhaal sien ons dat nadat Adam en Eva geëet het, hulle selfbewustheid geweldig toeneem. Ewe skeilik besef hulle dat hulle kaal is. Dan is die volgende stap natuurlik om in jou eie behoeftes los van God self te probeer voorsien. Die mens begin ook nou die eerste keer vrees ervaar. Hy is bang vir die God vir wie hy vroeër net lief was. Hy probeer homself beskerm en kruip weg. Alles begin nou om die mens draai en die Humanisme word gevestig. Nie net word in hierdie verhaal Humanisme gevestig nie maar ook Rasionalisme (Oxford: *the treating of reason as the ultimate authority in religion*). In 'n sekere sin begin die Sielkundige Kognitiewe Terapie ook hier lewe kry. Die menslike vrees, wat vandag nog 'n belangrike werksveld vir die Sielkundige is, is wakkermaak. Die menslike rede, wat alles kan vermag vir die mens, sal gebruik word om die mens te help om sy probleme vir homself op te los.
- 5 Satan het soveel sukses met sy aanvanklike tegniek behaal dat hy hierdie selfde tegniek dwarsdeur die mens se geskiedenis, tot vandag toe, met groot vrug gebruik, om die mens te mislei. Die kern van dit wat hy gebruik is die misleiding van die **leuen dat kennis die mens vergoddelik.**

Hierdie gebeure 6,000 jaar gelede het soos reeds gesê 'n magtige invloed gehad op dit wat die moderne mens tans ervaar. Die satan gebruik nog steeds die verleiding, van die mag van inligting en kennis, om die mens te oorreed dat hy self sy eie lot kan bepaal. Dan kan hy soos God kan wees wanneer hy alles kan weet. Hy sal dan in **beheer** wees.

Soos die mens gedurende die laaste honderd jaar, geoordeel aan Bybelse voorspellings, geweldig vinnig na die eindtyd toe begin beweeg, het satan se aanslag op die mens ook toegeneem. Dit is asof hy alles in die stryd werp om soveel as moontlik mense deur sy misleiding, deur die mag van te weet, by homself probeer vergader. Solank hy die mens net kan laat glo dat hyself iemand en iets kan wees, solank hy die mens se fokus op homself en die menslike prestasies kan hou, solank hy die mens kan bedrieg met die leuen dat kennis hom beheer gee, mag gee en hom soos God maak, solank sal hy die mens van ware kennis, Godskennis, af weghou. Vir hierdie doel gebruik satan veral die Onheilige Vier.

Dit bring ons nou by die **Onheilige Vier**. Die Onheilige Vier is deur satan gekoop om sy doel met die mens, naamlik totale verleiding en misleiding, te bereik. Die Onheilige Vier is aanvanklik soos baie ander dinge vir goeie redes daargestel totdat satan dit gekoop het. Nou wat is die Onheilige Vier dan?

Ons is reeds bewus daarvan dat satan, vanuit die mens se behoefte om kennis te bekom, die mens mislei. So is dit dan ook nie snaaks dat hy veral die vier grootste

kennisbronne vir sy doel uitbuit nie. Daaglikse kennis kom veral deur die volgende 4 bronne:

Radionuus

Televisienuus

Koerantnuus

Internetnuus

Besor: Koel stroompie.

Hoe weet ons dat hierdie inligtingsbronne deur satan gekoop is. Kom ons pas die kriterium van die Bybel toe ten opsigte van dit waarmee ons ons gedagtes moet besig hou. Ons vind dit in Filipense 4:8.

*For the rest brethren, whatever is true, whatever is worthy of reference and is honorable and seemly, whatever is just, whatever is pure, whatever is lovely, whatever is kind and winsome and gracious, if there is any virtue and excellence, if there is anything worthy of praise, think on and weigh and take account of these things(fix your minds on them) **Amplified Bible.***

Ons kan in hierdie verband ook vra of die inligting wat deur die Onheilig Vier na jou toe kom aan die volgende vereistes voldoen?

Is die inligting waar? Of is daar baie leuens en word die inligting vanuit 'n bepaalde perspektief aangebied? Is die perspektief 'n Christelike perspektief waarmee jy kan identifiseer?

Edel of Eerbaar? Of is dit verwerplik en van swak smaak?

Reg (regverdig)? Of gaan dit oor onreg en onregverdigheid? Is jy in staat om dit waarvan jy lees of dit wat jy hoor, te vergewe, of word jy deur jou identifikasie

met die nuusgebeure saamgesleur om te haat, kwaad te word en onvergewensgesind te leef?

Rein? Of gaan dit oor onreinheid, vieslikhede en immoraliteit?

Mooi? Of gaan dit oor die afskuwelikhede wat in die wêreld gebeur?

Pryenswaardig? Kan jy dit aanbeveel as leesstof soos byvoorbeeld vir jou kinders? Keer jy dit goed of is dit afkeurenswaardig?

Is dit lofwaardig? Of sal jy dit nie eintlik aanbeveel as iets om oor opgewonde te raak nie?

Is dit 'n deug? Of is dit misdadig

'n Verdere groot gevaar in die verabsoluttering van nuuskennis is geleë in die feit dat die inligting wat so versamel word, jou geloof kan ondermyn. Daar het deur die loop van baie jare 'n denkraamwerk in die mens se gemoed gevestig geraak. Hierdie paradigma is dat die mens onafhanklik kan wees, dat hy sy eie ding kan doen, dat hy selfgenoegsaam kan wees en dat hy sy eie lot kan bepaal. In die mens se strewe om hierdie paradigma uit te leef, het hy in kennisverwerwing, veral in die weet van nuuswaardighede, 'n belangrike bondgenoot ontdek. Soos reeds gesê kan dit daartoe lei dat die mens begin vertrou op sy eie vermoë om die gang van dinge te bestuur en te beheer mits, soos hy glo, hy net genoeg weet van wat om hom gebeur. So steun die mens op sy eie insigte, insigte deur ander geformuleer en tendense van toekomsvoorspelling uit hierdie inligting. Dit wil

voorkom of geloofsvertroue in dit wat ons nie kan sien nie, of empiries kan bewys nie, nie steun op nuuswaardige feite of sintuiglik verifieerbare feite nie. Intendeel geloof is juis gebaseer op dit wat nie sintuiglik bevestig kan word nie. Dit is iets soos blinde vertroue. Dink maar aan Thomas wat eers sy vinger in die gat in Jesus se hand en sy hand in Jesus se sy wou steek, voordat hy bereid was om te glo (Joh.20:25). Dit is dalk daarom dat Jesus verklaar het dat die eenvoudige mens, en die wat kinderlik kan vertrou, ‘n kans het om die ewige lewe te beërwe (Mat. 18:2). *Daarom dan ook dat die mens wat agter Jesus wil aankom, homself moet verloën en homself en sy eie belange, voortdurend moet kruisig (Mat.16:24), ook sy behoefte om deur kennis, die lewe te probeer beheer en so onafhanklik van God te probeer bestaan. Die sinvoller benadering word in Gal.5 uiteengesit waar die mens eerder toelaat dat die Heilige Gees hom lei, sy lewe beheer en die gang van sy lewe bestuur.*

Aan die einde van alles, na al die nuus geabsorbeer en in jou denkraamwerk geïntegreer is, is die een groot vraag wat oorbly die volgende:

Wat gaan jy nou met hierdie inligting doen? Nou dat jy dit weet ----- “So what?”

Beware the unholy Four!

Betag: Vertroue.

Die uitbundige vreugde van Nuwejaar is nou net so om die draai. Sal jy ook uitbundig bly wees wanneer die nuwe jaar gekom het? Moontlik was daar in Desembermaand ander dinge wat jou baie bly gemaak het. Dalk het jy 'n groot bonus gekry. Dalk het jy vir jou 'n nuwe voertuig aangeskaf, dalk het jy jou kwalifikasies verbeter en strek die toekoms hoopvol voor jou uit. Dalk het jy vir jou gesin 'n nuwe huis gekoop. Die ongeluk van hierdie blykskap is dat dit net vir 'n rukkie gaan duur. Die blykskap oor die nuwe jaar hou selde langer as 'n paar ure. Die bonus hou selde deur die finansiële eise van die lang Januariemaand. Selfs nuwe voertuie het maar hulle probleme. Die kwalifikasie is selde genoeg en moet gewoonlik maar weer met kursusse en ervaring opgevolg word. 'n Nuwe huis het gewoonlik ook maar probleme, waaraan aandag gegee moet word.

Die Bybel praat egter van blydskap wat permanent kan wees. Daar word gepraat van blydskap wat voortdurend teenwoordig kan wees. Hierdie gedagtes oor blydskap word in onder andere Fillipense 4: 4 en in

1 Tessalonisense 5: 16 bespreek.

1 Tes. 5: 16.

Wat julle eie lewe betref, moet julle die volgende doen:

*Wees deurentyd bly. Dis glad nie so moeilik nie. **Julle is mos mense wat onderweg is na God se splinternuwe wêreld toe.***

Fil. 4: 4

*Julle hart behoort oor te loop van blydskap **omdat** julle aan die Here behoort. Ek sê weer, julle moet baie bly wees.*

Drie baie belangrike aspekte het met vreugde, in die kind van die Here se lewe, te doen.

1. **Dit is ‘n opdrag.** Die opdrag kom baie duidelik: *Wees bly.* En dan word die opdrag soms ook herhaal. Hierdie opdrag kan alleen deur ‘n kind van God uitgevoer word. Waarom?
2. **Vreugde,** die vreugde waarvan God praat, en wat Hy vir Sy kinders bedoel, is deel van die vrug van die Heilige Gees. *Die vrug van die Gees is liefde, vrede, **Vreugde**.....* (Gal. 5: 22) Vreugde is dus ook ‘n wonderlike **gawe**, wat ons saam met God se Gees, in ons lewens ontvang. Vreugde is egter nie net ‘n opdrag en ‘n gawe nie.
3. Daar bestaan ‘n baie goeie rede waarom ons as kinders van God bly kan en behoort te wees. In 1 Tes. 5:16 word as rede vir ewigdurende vreugde die feit vermeld dat Ons ***mos mense is wat onderweg is na God se splinternuwe wêreld toe.***

Waarom is ons as kinders van God dan nie so vol vreugde soos ons behoort te wees en kan wees nie?

Mag dit wees dat ons die opdrag van die Here om bly te wees ignoreer? Het ons dalk nie werklik die vrug van die Gees in ons lewens nie? **Of is ons probleem dat die Spinternuwe Wêreld dalk nie vir ons 'n werklikheid is nie.** Kom ons staan so 'n bietjie stil by die laaste moontlikheid. Indien die hemelse heerlijkheid vir jou 'n werklikheid is, sal jy bly wees:

Om te weet dat jy gered is, dat al jou sondes vergewe is, dat jy vir ewig by God sal wees, dat daar by Hom onuitspreeklike vrede, saligheid en liefde gaan wees, dat daar geen sonde en gevolge van sonde soos siekte sal wees nie, dat daar net vrede tussen mense sal wees en geen bekommernisse nie, dat jy 'n ewige sekuriteit sal ervaar en dat alles perfek sal wees in Sy teenwoordigheid. Is die probleem dalk dat jy so vasgegroe het aan dit wat jou bly maak op die aarde dat die hemelse vir jou nie werklik belangrik is nie?

Is die kortstondige nuwejaarsvreugde vir jou van meer betekenis as 'n ewige vreugde in Sy teenwoordigheid?

Wat verkies jy: God se vreugde of die vreugde van hierdie wêreld?

Die tragiese is dat die vreugde van die wêreld, God se vreugde uitsluit. Indien jy egter eers jou vreugde by God en in Hom vind gaan jy so gelukkig wees dat jy ook in hierdie bedeling van aardse bestaan gelukkig gaan wees (Mat. 6:33). Jy

sal ook gelukkig en bly kan wees selfs in minder gunstige omstandighede
wanneer die nuwe jaar nie so goed lyk nie, jou bonus nie groot is nie, en jy dalk
misluk het in jou studies, en jy jou ou klein woonstelletjie nie met 'n groot huis
kan vervang nie.
